

Thomas@aqua.net
'n gids



© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10 op 13pt Arial
Omslagontwerp en grafiese uitleg deur Full Circle
Gedruk en gebind deur Millennium D.T.P &
Repro House CC

Eerste druk 2008

ISBN 978-0-7993-4252-9

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek
mag op enige manier gereproduseer word sonder die
skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Thomas@aqua.net: 'n gids

Cila Walters
Izak de Vries

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

Inhoud

Deel 1: Inleiding 5

- I. Enkele opmerkings 5
- II. 'n Kort opsomming van *Thomas@aqua.net* 6
- III. Voor die leerders die boek lees7
- IV. Ná die eerste lees 8

Deel 2: 'n Gedetailleerde analise van THOMAS@AQUA.NET 10

- I. Vrae en antwoorde oor elke hoofstuk in *Thomas@aqua.net* 10

Hoofstuk 1	13
Hoofstuk 2	16
Hoofstuk 3	18
Hoofstuk 4	20
Hoofstuk 5	22
Hoofstuk 6	23
Hoofstuk 7	26
Hoofstuk 8	27
Hoofstuk 9	28
Hoofstuk 10	30
Hoofstuk 11	32
Hoofstuk 12	33
Hoofstuk 13	35
Hoofstuk 14	40
Hoofstuk 15	41
Hoofstuk 16	44
Hoofstuk 17	47
Hoofstuk 18	48
Hoofstuk 19	50
Hoofstuk 20	52
Hoofstuk 21	53
Hoofstuk 22	56

Deel 3: 'n Nader kykie na sommige aspekte van THOMAS@AQUA.NET 58

Intrige, karakter, verteller, tyd en plek 58

- 1. Karakters (makliker vrae) 62
- II. Karakters (moeiliker vrae) 62
- III. Die ruimte 64
- IV. Die intrige (vir ietwat ouer leerders) 64

Deel 4: Verdere assesseringsopdragte oor THOMAS@AQUA.NET

- I. Skryfopdragte 65
- II. Mondelingopdragte 66

Deel 5: Speletjies oor THOMAS@AQUA.NET

- I. Letterdoolhof 68
- II. Blokraai 720

Iets oor Carina Diedericks-Hugo

Carina is gebore in Johannesburg en het grootgeword in Pretoria en Kaapstad. Ná matriek aan Herschel Girls' School in Kaapstad, studeer sy aan die Universiteit van Stellenbosch en behaal die grade BA (Internasionale Studies), Honneurs Afrikaans en Nederlands (cum laude) en MPhil (Joernalistiek). Sy is die skrywer van die Thomas@-reeks en ander boeke sluit in *Koning Henry* en *Operasie M.I.A.A.U.* Sy is al benoem vir die Sanlamprys vir Jeuglektuur en die M.E.R.-prys. In 2006 en 2007 het sy die ATKV-Kinderboekprys gewen. Sy bly saam met haar man, die digter Daniel Hugo, en vyf katte in Stellenbosch. Sy put haar inspirasie uit haar man, bling-bling, Desiderius Pongracz, sjokoladekoek sonder versiersuiker, kwaito en Sondag op Greyton.

I. Enkele opmerkings

Thomas en sy vriende is baie gewild in klaskamers van graad 4 tot graad 9. Dit word gelees in Huistaalklasse en in Addisionele-taalklasse. Ons het dus 'n gids probeer saamstel wat so breed as moontlik van waarde sal wees. In dié gids is daar dus verwysings na die kurrikula van Afrikaans as Eerste Addisionele Taal en na Afrikaans as Huistaal.

Elkeen van die hoofstukke word apart ontleed, maar daar is ook 'n aantal algemene vrae, gebaseer op die kurrikulum, om die leerders te help om die novelle beter te verstaan. 'n Aantal taal-speletjies maak die lees van die boek nog lekkerder.

Die gedetailleerde vrae oor elke hoofstuk bevat almal modelantwoorde. Enkele van die vrae wat die leerders help om hulleself te oriënteer is egter “oop” en by dié vrae word antwoorde dus nie voorgestel nie.

II. 'n Kort opsomming van *Thomas@aqua.net*

Dit is die einde van die toetsreeks en die vriende besluit om hul vryheid te gaan vier by Thomas se huis.

Thomas gaan soek vir Lukas om hom ook te nooi en sien hom buite die skool met 'n man baklei. Wanneer Thomas hom daarvoor uitvra, sê Lukas dit was 'n vriend van sy pa en hulle het net gespeel. Thomas vind egter gou uit dat dié man eintlik 'n perlemoenstroper is en sy naam is Sharky Fortuin.

Thomas se pa kondig aan dat hulle vir 'n langnaweek Kleinkrans toe gaan en hy kan sy vriende saamnooi vir sy verjaardag. Wanneer hy vir Lukas nooi, kom dié met 'n flou verskoning vorendag.

Die huis wat Thomas se pa vir hulle gekry het, behoort aan 'n kliënt en dit is 'n wonderlike groot huis. Thomas ontdek 'n tunnel wat van sy kamer af na 'n grot lei. Wanneer hy vir Alex soontoe neem en sy haar hangertjie verloor, duik hy af in die getypoel in die grot om dit te soek. Hy kry meer as wat hy verwag het ... Hy kry sakke vol perlemoen wat daar weggesteek is. Sy pa is baie ontsteld omdat Thomas 'n sak vol uithaal en huis toe neem. Alex vermoed dadelik sy pa weet iets wat hulle nie weet nie.

Een aand word Thomas, Hannes en Lukas in hul kamer wakker gemaak deur 'n geklop. Dan sien hulle 'n hand breek met 'n hamer deur die deurtjie in die vloer. Hannes vat die hamer en slaan die hand voordat hulle 'n kas oor die gat stoot.

Hulle vertel vir Thomas se pa wat gebeur het en hy laat weet die stropereenheid in Kaapstad. Hy vertel vir Thomas-hulle dat hy en van sy kollegas vir die stropereenheid werk. Sharky en sy bende is dus kwaad vir hulle, want weens die polisie-optrede is die bende besig om hul "besigheid" verloor.

Thomas se pa-hulle is weg saam met die stropereenheid en twee polisiemanne pas die vriende op. Hulle speel 'n bordspeletjie toe daar 'n harde geluid is van glas wat breek en die ligte afgaan. Thabo stel voor hulle gebruik Thomas se pa se motor om weg te kom. Terwyl Thomas die sleutels gaan soek, word hy in die huis agtervolg deur twee mans. Sharky is een van hulle. Die boewe jaag Thomas by die huis uit. Hy rig 'n rewolwer op Thomas en net voor dit te laat is, hou Thabo met die motor langs hulle stil. Thomas ontsnap en spring in die motor.

Net ná middernag wens almal hom geluk met sy verjaardag en sy vriende gee vir hom 'n rekenaarspeletjie wat hulle spesiaal vir hom ontwerp het. Sy pa kondig aan dat hy die skoolhoof gaan bel om te sê dat die vriende op die vroegste weer Woensdag skool toe sal kom. Lukas is saam met die polisie weg vir ondervraging en veilige bewaking.

III. Voor die leerders die boek lees

'n Deel van enige leser se resepsie van enige teks begin reeds voor die teks gelees word. "Don't judge a book on its cover" lui die ou gesegde, tog doen baie van ons dit!

Hierdie bondige inleiding tot die teks sal die leerders help om idees te begin formuleer oor die teks.

Leeruitkomste en assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leer-uitkomste	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 3	Let op na die rol wat prente of foto's in die skep van betekenis speel (soos: Hoe word mense van verskillende rasse en/of kulture in prente uitgebeeld?);
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	LU 3	Beskryf gevoelens oor die teks (feitlik of literêr, visueel of multi-media) en gee redes.

Iets om met die klas te deel

Die titel

'n Boek se titel behoort die leser te prikkel en dit behoort 'n vae idee van die inhoud te gee. Soms is titels egter opsetlik misleidend, maar dan is dit weer deel van die spel om die leser se oorspronklike idees te toets aan dit wat die titel eintlik beteken of uiteindelik wel beteken.

Voorblaaie

Voorblaaie word gewoonlik nie deur die outeur van die boek gekies nie, maar wel deur die uitgewers wat die boek bemark.

Vrae oor Thomas@aqua.net se voorblad (Groepwerk)

(Daar is nie modelantwoorde op hierdie vrae nie, hulle is bloot ontwerp om die lesers se reëpsie te toets.)

1. Maak *Thomas@aqua.net* se voorblad julle lus om die boek te lees, of nie? Hoekom sê julle so?
2. *Thomas@aqua.net* is deel van 'n reeks boeke oor Thomas en sy maats. Wie van julle het al ander boeke oor Thomas gelees?
3. Weet julle of die ander boeke in die Thomas-reëks se buiteblaaie baie eenders lyk as *Thomas@aqua.net* s'n, of nie? Verduidelik. *(Die reëks se buiteblaaie pas wel bymekaar.)*
4. Hou julle daarvan dat Thomas so duidelik op die voorblad afgedruk is, of nie? Verduidelik. *(Dit vat die lesers se droombeeld van Thomas weg ...)*
5. Sonder om die verhaal te lees, kan julle reeds sê of julle dink die buiteblad en die titel van die boek pas bymekaar, of nie? Hoekom sê julle so?
6. As julle die boek se voorblad moes ontwerp, wat sou julle anders wou sien? Hoekom?

IV. Ná die eerste lees

Dit is belangrik om die leerders se reëksie op die teks te toets nadat hulle die teks deurgelees het. 'n Sterk klas sal dit self kan lees, maar die meeste onderwysers sou waarskynlik verkies om die novelle in die klas te behandel. Hoe ook al, die lesers se reëpsie van 'n teks is 'n belangrike deel van die leesproses.

Ons beveel aan dat die leerders, indien moontlik, hierdie vrae skriftelik beantwoord. Dit kan selfs in rofwerkboeke wees. U sou dan die leerders kon vra om hul antwoorde met die klas te deel.

Indien dit moeilik sal wees vir klas, kan u die leerders vra om die vrae eers in groepe te beantwoord, dan kan u dit in die klas bespreek.

Leeruitkomste en assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leer-uitkomste	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 3	Beskryf gevoelens oor die teks (feitelik of literêr, visueel of multi-media) en gee redes.
		Beskryf en ontleed emosionele reaksie op tekste.
		Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer: <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering; • Bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geposisioneer word. (Soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter? Hoe voel jy oor die hoofkarakter(s)? Laat die skrywer jou simpatiek of krities voel? Hoe kry die skrywer dit reg om jou so te laat voel?)

Moontlike vrae om die leerders se resepsie te toets

(Daar is nie modelantwoorde op hierdie vrae nie – hulle is bloot ontwerp om die leser se resepsie te toets.)

1. Het jy van die verhaal gehou, of nie? Verduidelik.
2. Sou jy graag wou maats wees met die volgende karakters, of nie? Hoekom sê jy so?
 - a) Thomas
 - b) Alex
 - c) Hannes
 - d) Lillian
 - e) Thabo
 - f) Lukas
3. Sou dit lekker wees as Thomas na jou skool toe sou kom, of nie? Hoekom?

4. Noudat jy die storie klaar gelees het, dink jy die voorblad pas by die verhaal, of nie? Hoekom?
5. Laat die foto op die voorblad jou onmiddellik aan Thomas dink, of dink jy dit is dit 'n swak voorstelling van hom? Verduidelik.
6. As jy die boek se voorblad moes ontwerp noudat jy die verhaal klaar gelees het, wat sou jy anders wou sien? (Indien enigsins?) Hoekom?

I. Vrae en antwoorde oor elke hoofstuk in *Thomas@aqua.net*

Hierdie analise sal die leerders help om elke aspek van die teks te leer ken.

Leeruitkomste en assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leeruitkomste	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 2	Pas interaksievaardighede en -strategieë in groepsituasies toe: <ul style="list-style-type: none"> • Volg konvensies vir gepaste interaksie tydens groepwerk; • Gee gebalanseerde en opbouende terugvoering; • Toon sensitiwiteit vir kultuur- en sosiale verskille (soos: bevestig en inkorporeer diverse taal, ervaringe, voorbeelde); • Gebruik diplomatieuse taal in potensiële konfliktsituasies.
	LU 3	Lees 'n verskeidenheid fiksie- en nie-fiksie-tekste vir verskillende doeleindes (soos tydskrifte, gedigte, romans, kort toneelstukke, koe-rante, handboeke): <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop en stil en pas leesstrategieë volgens die doel en gehoor aan;

Leerarea	Leeruitkomste	Asseseringstandaarde
		<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik gepaste lees- en begripstrategieë (vluglees en soeklees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleidings, die nagaan van begrip, ens.). <p>Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering; • Bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geposisioneer word. (Soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter?) <p>Verstaan en gebruik informatiewe tekste gepas:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Som hoof- en ondersteunende gedagtes op; • Kies en teken relevante inligting op 'n gepaste manier op; • Volg redelik komplekse instruksies en aanwysings sonder enige hulp. • Identifiseer en bespreek kulturele en sosiale waardes in tekste krities: • Interpreteer die skrywer se bedoelde en onbedoelde verskuilde boodskappe; • Identifiseer verskillende perspektiewe binne 'n ingewikkelder teks en gee eie perspektief gebaseer op bewyse uit die teks; • Ontleed die uitwerking van stereotipering, partydigheid en

		<p>voordeel en bespreek hoe dit bevraagteken en verander kan word en gee eie, gemotiveerde mening.</p>
<p>Afrikaans Eerste Addisionele Taal</p>	<p>LU 1</p>	<p>Verstaan stories (aan leerders vertel of ge lees):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beantwoord letterlike vrae; • Teken relevante inligting op (soos om 'n tabel in te vul); • Reageer persoonlik; • Bring die storie in verband met haar/sy eie lewe; • Bespreek etiese, sosiale en kritieke kwessies, soos: Watter soort persoon is die held? Hoe tree hy/sy op? Is hy/sy realisties of gestereotipeer voorgestel? (Wissel tussen huis- en addisionele taal, indien nodig.); • Stel 'n alternatiewe slot vir die storie voor (wissel kodes, indien nodig); • vertel 'n storie oor; • som 'n storie op.
	<p>LU 2</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Voer interaksie in sy/haar addisionele taal: • Stel en beantwoord vrae; • Voer 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp; • Lug mening en gee redes daarvoor; • Druk gevoelens uit.
	<p>LU 3</p>	<p>Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van die elemente van stories:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Titel, ruimte/agtergrond en intrige (soos: Vertel waarom sekere gebeure op daardie manier in 'n storie gebeur); • Begryp karakters (soos: Beskryf hoe 'n karakter voel en gesels oor moontlike redes vir hul optrede); • Identifiseer en bespreek sosiale en etiese vraagstukke in 'n storie (soos: Is die

		<p>storie regverdig?);</p> <ul style="list-style-type: none"> • Let op hoe karakters en intrige aangebied word om 'n spesifieke wêreldbeskouing uit te beeld. (Soos: Word mense van verskillende rasse en/of kulture stereotipies uitgebeeld, of word hul diversiteit realisties oorgedra?); • Stel alternatiewe maniere voor om karakters en hul optrede uit te beeld
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	LU 4	<p>Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas kennis van taalstrukture toe (soos grammatika, spelling, punktuasie, grammatikale verskille tussen huis- en addisionele taal) om eie en ander se werk te redigeer; • Gebruik taalhulpmiddele (soos 'n woordeboek).
		<p>Verstaan die skryfproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf konsepweergawes (kladwerk), lees dit krities deur, kry terugvoering van die onderwyser en klasmaats en herskryf dit; • Verstaan die verskil tussen: <ul style="list-style-type: none"> - herskryf (verander inhoud en struktuur), en - redigering (maak foute reg); • Redigeer eie skryfwerk.

Hoofstuk 1

Die toetsreeks is verby en Thomas, Alex en Hannes probeer besluit hoe om hul vryheid te vier. Thomas nooi almal om langs die swembad by sy huis te kom ontspan. Hy moet nou net vir Lukas in die hande kry om hom ook te nooi. Thomas kry hom op die hoek van die straat, aan die onderpunt van die rugbyvelde. Thomas sien 'n vreemde man in 'n vreemde motor langs Lukas stilhou. Hy sien hoe die man vir Lukas baie hardhandig behandel

voordat hy hom 'n groot bruin koevert gee en wegry. Wanneer Thomas vir Lukas daarna uitvra, sê hy dis net 'n vriend van sy pa en hulle het sommer net gespeel. Lukas wys Thomas se uitnodiging met 'n flou verskoning van die hand.

1. Wat is die hoofkarakter van hierdie boek se naam en van? *Thomas Steyn*
2. Hoe weet die leser dat hy die hoofkarakter is? *Die storie word uit sy perspektief vertel.*
3. Met watter toets sluit Thomas en sy vriende die toetsreeks af? *Natuurwetenskappetoets*
4. Hoekom lê Hannes op sy arms terwyl die ander nog skryf? *Hy het die vraestel baie vinnig klaargemaak. (Thomas noem dit Star Wars-spoed.)*
5. Wie is die skoolhoof? *Meneer Volschenk is die skoolhoof.*
6. Hoekom is die skoolhoof in die toetskamer? *Hy kom haal vir Flip en Japie Marais om hom in sy kantoor te gaan spreek.*
7. Wie is die natuurwetenskappe-onderwyser? *Meneer Bosman*
8. Hoekom is die Marais-broers altyd in die moeilikheid? *Hulle is die skoolboelies en knou ander seuns in die skool af. Hulle hou veral daarvan om vir Thomas te probeer aanval.*
9. Wat is die skoolhoof se bynaam? *Meneer Volschenk se bynaam is Oros-man.*
10. Wat bedoel Thomas met “hy gaan lyk of hy met blou eyeshadow gespeel het”? *As die Marais-broers hom aanval, sal hy erg in die gesig geslaan word. Die kneusplekke aan sy oë sal blou wees – soos blou oogskadu.*
11. Na watter plante verwys Thomas by name in sy antwoord op die laaste vraag? *Hy verwys na die kameeldoringboom, selonsrose en die bloekomboom.*
12. Na watter twee lande verwys hy en hoe verwys hy daarna? (Krap 'n bietjie kop oor die een!) *Hy verwys indirek na Suid-Afrika deur te skryf van “selonsrose wat baiekeer in ons tuine en langs die paaie groei”. Hy verwys direk na Australië in die paragraaf oor bloekombome.*
13. In watter graad is Thomas en sy vriende? *Hulle is in graad agt.*

14. Hoekom waarsku meneer Bosman die graadagts om nie te raas terwyl hulle buite wag vir die klok om te lui nie? *Hulle gaan in die vierkant wag en die ander klasse is nog besig met hulle toetse. Hy wil nie hê die graadagts moet die ander leerders pla nie.*
15. Waar kom die leuse “Vryheid, Gelykheid en Broederskap” vandaan? *Dit kom uit die dae van Franse Revolusie, en is ook bekend as die leuse van die “Drie Musketers”, ’n fiktiewe groepie vriende wat teen boewe geveg het in die feodale tyd.*
16. Wie is die meisie wat met Hannes en Thomas gesels? *Alex. Sy is een van hul beste vriende.*
17. Wat is die Cyber Tiger?¹ *Dit is ’n internetkafee.*
18. Hoekom wil Thomas nie soontoe gaan nie? *Dit is nie meer vir hom ’n lekker uithangplek nie. Die vorige eienaar, Harry, is weg en die nuwe eienaar is, volgens Thomas, dof en maak nie lekker Transgalactic Blasters nie.*
19. Hoekom is Harry nie meer die eienaar van die Cyber Tiger nie? *Harry is ’n rekenaarmisdadiger wat rekenaarvirusse ontwerp het. Hy is waarskynlik in die tronk.*
20. Hoekom kan Hannes nie Waterfront toe gaan nie? *Hy het nie geld nie, want hy het al sy geld die vorige week op ’n speletjie spandeer.*
21. Hoe, stel Thomas voor, moet hulle die middag deurbring? *Hy stel voor almal kom na sy huis toe om langs die swembad te ontspan.*
22. Wie is Louisa? *Louisa is Thomas se stiefma.*
23. Wie gaan almal genooi word vir die swembadkuier? *Thomas nooi vir Alex en Hannes. Hannes stel voor Thomas nooi ook vir Lukas. Alex sê sy sal vir Gizelle en Lilian nooi.*
24. Waar kry Thomas vir Lukas? *Thomas sien vir Lukas op die hoek van die straat, aan die onderpunt van die rugbyvelde.*
25. Hoekom is die roomkleurige motor en die man wat uitklim vir Thomas vreemd? *Dit lyk nie vir Thomas na Lukas se pa, of hulle motor nie. Dan sien hy ook dat die man wild beduie met sy hande en vir Lukas gryp, rondruk en deur die gesig klap.*

1 Lesers word aangemoedig om Thomas@skerpioen.net te lees. Daarin word die hele verhaal van Harry en die Cyber Tiger volledig vertel.

26. Hoekom kan Thomas nie vir sy pa 'n SMS stuur nie? *Sy foon gaan dood, want die battery is pap.*
27. Wat gee die vreemde man vir Lukas? *'n bruin koevert*
28. Hoekom wag Thomas voor hy na Lukas toe hardloop? *Thomas wil seker wees dat die vreemde man weg is.*
29. Wie sê Lukas was die man met wie hy gepraat het? *Lukas sê die man is 'n vriend van sy pa.*
30. Hoe verduidelik Lukas die man se hardhandige optrede? *Lukas sê dat hulle sommer net gespeel het.*
31. Wat doen Lukas wat vir die leser wys dat hy nie die waarheid praat nie? *Hy is gespanne, want hy moet probeer om te glimlag toe hy vir Thomas sien. Daar is ook 'n springende spiertjie in sy wang wat op spanning dui. Hy kyk nie vir Thomas in die oë nie en hy skop teen die randsteen terwyl hy met Thomas praat. Hy wys ook Thomas se uitnodiging van die hand en sy verskoning klink flou. Dit lyk dus of hy iets wegsteek.*

Hoofstuk 2

Thomas sien 'n man op die voorblad van die koerant wat nogal lyk na Lukas se pa se vriend. Thomas se pa vertel hom dis Sharky Fortuin, 'n gevaarlike perlemoensmokkelaar van Hawston. Aan die etenstafel kondig sy pa aan dat hulle die volgende naweek Kleinkrans toe gaan en dat Thomas sy vriende kan saamnooi. Die enigste voorwaarde is dat daar geen rekenaars mag wees nie. Thomas vergeet skoon van poeding in sy opwinding om sy vriende te laat weet.

1. Beskryf die man op die voorblad van die koerant. *Die man het donker hare wat in 'n poniestert vasgemaak is. Daar is 'n klein tatoeëermerk van 'n haai op sy nek. Sy oë is klein.*
2. Watter afleidings maak Thomas op grond van hoe die man lyk? *Thomas dink die man lyk soos 'n reeksmoordenaar. Hy reken ook die man lyk soos die vriend van Lukas se pa wat hy by die skool gesien het.*
3. Wie is die man op die voorblad? *Dit is Sharky Fortuin, 'n perlemoenstroker van Hawston.*

4. Op watter koerant se voorblad verskyn dié foto? *Die foto verskyn op die voorblad van die Cape Argus.*
5. Wat is 'n AK-47? *Dit is 'n masjiengeweer wat in Rusland ontwikkel is. Dit is suksesvol in ons buurlande teen Suid-Afrikaanse aggressie gebruik, maar baie van die gewere het ná die val van apartheid in kriminele hande geval. Suid-Afrika word veral geraak deur AK-47's wat uit Mosambiek en Angola ingevoer is. (Suid-Afrika het vir baie jare die wettige regerings in Mosambiek en Angola onderdruk deur wapens aan Mosambiekse en Angolese terroriste te verskaf. Ironies word juis dié wapens wat destyds teen die terroriste, gesteun deur Suid-Afrika, gebruik is, nou in Suid-Afrika deur kriminele gebruik.)*
6. Wat is Valkenburg? *Dit is 'n inrigting in Kaapstad vir mense wat ernstige psigiatriese hulp nodig het.*
7. Hoekom is dit so lonend om met perlemoen te smokkel? *Perlemoen word in die Ooste gebruik as 'n seksuele opkikker en word daar vir belaglike pryse verkoop. Dit word egter al hoe skaarser, maar Oosterse sindikate bly baie betaal daarvoor.*
8. Hoekom hou Thomas nie van wyn nie? *Thomas hou nie van die smaak van wyn nie. Dit smaak vir hom soos katpiepie.*
9. Watter bestanddele gebruik Thomas in sy slaai? *Hy gebruik blaarslaai, fetakaas, komkommer en tomaties.*
10. Wat word so 'n slaai genoem? *Dit is 'n mengelslaai.*
11. Wat is Thomas se sussie se naam? *Lara*
12. Hou oud is Thomas se sussie? *Sy is ses maande oud.*
13. Wat eet die gesin vir aandete? *Hulle eet gebraaide hoender, aartappels en slaai.*
14. Wie is Cruela De Vil? *Sy is die nare vrou in die fliek 101 Dalmations wat 'n jas wil maak van die hondjies se pels.*
15. Hoekom wil Thomas nie vir sy pa-hulle vertel wat met Lukas gebeur het nie? *Hy is bang die man was dalk regtig 'n vriend van Lukas se pa en dan maak hy onregverdige aantygings teen hom.*
16. Watter verrassing het Thomas se pa? *Hulle gaan die volgende naweek Kleinkrans toe, dit gaan 'n langnaweek word, en Thomas mag sy vriende saamneem.*

17. Wat was die vorige verrassing wat sy pa-hulle vir hom gehad het? *Die vorige verrassing was dat hulle sou trek en dat hy 'n bababoetie of -sussie sou kry.*
18. Waar is Kleinkrans? *Kleinkrans is tussen Waenhuiskrans en Stilbaai aan die Suidkus.*
19. Waar gaan Thomas-hulle bly? *Een van Thomas se pa se kliënte, Dieter Kohl, het hulle genooi om sy huis in Kleinkrans te gebruik, omdat hy in Duitsland is en nie wil hê die huis moet leegstaan nie.*
20. Wat is Thomas se pa se voorwaarde vir die naweek? *Daar mag geen rekenaars wees nie.*
21. Wat dink Thomas sal die vangplek wees? *Hy dink sy pa-hulle sal wil hê hy moet elke aand saam met hulle Scrabble speel of blokkiesraaisels invul.*
22. Hoekom steur Thomas hom nie aan poeding nie? *Hy wil sy vriende gaan SMS en e-pos oor die naweek in Kleinkrans.*
23. Wat is Thomas se kat se naam? *Cleo*
24. Waar lê sy altyd? *Sy lê altyd op die toetsbord van die rekenaar.*

Hoofstuk 3

Alex kom haal vir Thomas vir 'n fliekafspraak. Hy is redelik senuweeagtig, maar gesels 'n ruk met haar en sy pa voordat hulle die res van die vriende by Thabo se huis gaan ontmoet. In die tuin kry hulle Thabo se ouma, 'n regte sangoma. Sy waarsku vir Thomas teen bose geeste en moeilikheid en gee vir hom 'n sakkie met goed wat hom sal beskerm. Hy bekommer hom oor dié gesprek, maar toe die fliekvoorskoue begin, wonder hy of Alex sal omgee as hy haar hand vashou.

1. Wat doen Thomas voor die spieël? *Hy stoot sy vingers deur sy hare, trek sy broek reg en rem aan sy T-hemp. Dan druk hy sy kuif plat om 'n puisie op sy voorkop weg te steek. Net voor hy die deur oopmaak, bekyk hy homself krities in die spieël.*
2. Watter soort T-hemp het hy aan? *Hy het 'n blou T-hemp van Diesel aan.*

3. Hoekom doen hy soveel moeite voor hy die deur oopmaak? *Alex kom hom haal en hy wil goed lyk omdat hy baie van haar hou.*
4. Hoe weet die leser dat Thomas senuweeagtig is? *Sy hart klop hard en hy sluk ongemaklik. Al die dinge wat hy voor die spieël doen, en die feit dat hy so krities oor homself is, dui ook op sy senuweeagtigheid. Die feit dat hy eers diep asemhaal en dán die voordeur oopmaak, is die laaste leidraad.*
5. Wat dra Alex om haar nek? *Sy dra 'n klein beeldjie van die Egiptiese koningin Nefertiti om haar nek.*
6. Hoe lyk Alex se hare? *Haar hare is donker en dit hang los tot op haar skouers.*
7. In watter land het Alex-hulle vroeër in die jaar gaan vakansie hou en hoe weet jy dit? *Hulle het in Egipte gaan vakansie hou. Sy sê haar pa het vir haar die hangertjie in Kaïro gekoop toe hulle daar was. Kaïro is die hoofstad van Egipte. Die beeldjie om haar nek is van Nefertiti, 'n Egiptiese koningin.*
8. Wat is Thomas se pa se naam? *Johan*
9. Waarheen gaan Thomas en Alex? *Hulle gaan na die spesiale media-première van die nuwe Pirates of the Caribbean-fliek.*
10. Waar het hulle kaartjies gekry? *Thabo se ma het vir hulle die kaartjies gekry.*
11. Watter werk doen Thabo se ma? *Sy is 'n koerantjoernalis.*
12. Na watter fliek wil Thomas se pa gaan kyk? *Hy wil na die nuwe Harry Potter-fliek gaan kyk.*
13. Hoe wil Thomas se pa kaartjies vir dié fliek bespreek? *Hy wil kaartjies op die internet bespreek.*
14. Hoekom dink Thomas sy pa se belangstelling in Harry Potter is abnormaal? *Dit is stories wat vir kinders geskryf is. Tog het sy pa al die boeke in Afrikaans en Engels gelees, die fliks op DVD gekoop en hy vra elke aand vir Thomas om inligting oor Harry Potter op die internet te soek. Hy wil ook intensiewe besprekings daarvoor hou.*
15. Wat dink Alex van Thomas se pa se belangstelling? *Sy dink dis oulik en normaal. Sy dink ook Thomas moet bly wees sy pa is sy tyd voor, en nie agter die tyd nie. Sy sê dit is in die mode vir grootmense om boeke te geniet wat vir kinders geskryf is.*

16. Wat is die term vir boeke wat vir kinders geskryf is, maar ook deur grootmense geniet word? *Kidult-literatuur*
17. Watter werk doen Alex se ouers? *Hulle is universiteits-dosente.*
18. Waar bly Thabo? *Thabo bly langs Thomas.*
19. Wat doen Thabo se ouma? *Sy is 'n sangoma.*
20. Wat is Thabo-hulle se van? *Mnyani*
21. Hoekom verstaan Thomas aan die begin nie wat Thabo se ouma sê nie? *Sy praat Xhosa en hy verstaan nie die taal nie.*
22. Wanneer het Thabo se ouma voorheen vir hom 'n "sakkie met goed" gegee? *Sy het vir hom 'n sakkie gegee toe hy gedink het dit spook in sy kamer.*
23. Hoekom wil Thomas nie hierdie keer die sakkie vat nie? *Die vorige keer was Thabo se ouma reg en daar was regtig moeilikheid. Hy dink seker dat, as hy hierdie sakkie sou neem, daar weer moeilikheid sal wees.*
24. Wat dink Thabo van sy ouma se "raad"? *Hy dink sy ouma is baie goed met haar voorspellings en waarskuwings.*
25. Wat dink Thabo se pa van die ouma se vreemde gedrag? *Hy dink 'n mens moet jou nie aan haar steur nie.*
26. Hoekom voel Thabo se pa so? *Thabo sê sy pa is nie baie tradisievas nie.*
27. Hoekom is Thomas bekommerd oor wat mevrou Mnyani gesê het? *Sy was al voorheen reg met 'n voorspelling, maar hy weet nie watter moeilikheid om te wagte te wees nie.*
28. Hoekom dink hy dit is simpel om bekommerd te wees? *Dit kan moontlik net toeval wees dat sy hom weer gewaarsku het en hy wonder wie nou in elk geval aan sangomas glo.*
29. Wat wil Thomas met Alex doen in die fliek? *Hy wil haar hand vashou.*

Hoofstuk 4

Ná die fliek kom Thomas hoogs in sy noppies, maar rasend honger, by die huis. Hy maak vir hom oorskietkos warm en sluip in die gang af toe hy sien sy pa se studeerkamerlig is nog aan. Maar dan hoor hy sy pa praat ernstig met 'n man oor doodsdreigemente en een of ander eenheid. Wanneer die man vertrek, stel Thomas

se pa hom voor aan Malan de Wet, 'n kollega. Terwyl hy vir sy seun nagsê, maak Thomas se pa seker dat hy nie die buitedeur ooplos deur die nag nie.

1. Hoekom is Thomas honger? *Hy het nie 'n groot aandete gehad nie. Hulle het net "pasteitjies en goed" ná die fliek geëet.*
2. Wat besluit Thomas om te eet? *Hy besluit om die oorskiet-pasta van sy pa-hulle se aandete te eet.*
3. Hoe maak hy die kos warm? *Hy maak die kos in die mikrogolfoond warm.*
4. Hoe weet Thomas sy pa is nog wakker? *Sy pa se studeerkamerlig is nog aan en die deur is halfoop.*
5. Hoekom is hy bly sy pa is nog wakker? *Hy wil met sy pa oor die fliek praat.*
6. Hoekom is dit vir hom snaaks dat daar iemand by sy pa in die studeerkamer is? *Dit is al baie laat – verby kuiertyd. Lara en Louisa slaap al.*
7. Wie is die man met wie Thomas se pa praat? *Dit is Malan de Wet. Thomas se pa stel hom voor as 'n kollega.*
8. Waaroor praat die mans in die studeerkamer? *Thomas se pa het doodsdreigemente ontvang en Malan waarsku hom teen "hierdie ouens". Hulle het by een of ander eenheid betrokke geraak as regsadviseurs. Malan dink dit was 'n oordeelsfout en Thomas se pa voel hy het homself verbind tot die saak.*
9. Hoe lyk meneer De Wet? *Hy is lank en groot met donker oë.*
10. Het Thomas van die fliek gehou? Hoe weet jy? *Ja. Hy sê vir sy pa dit was fantasties en dat hulle ook daarna moet gaan kyk.*
11. Waaruit kan die leser aflei dat Thomas se pa iets het om weg te steek? *Malan de Wet kom laataand met hom praat in sy studeerkamer terwyl Thomas uit is en Louisa al slaap. Hy huiwer ook 'n oomblik voor hy Thomas se vraag, oor wie Malan de Wet is, beantwoord.*
12. Wat vra Thomas se pa hom voor hy gaan slaap? *Hy vra vir Thomas of hy met die buitedeur oop slaap.*
13. Wat het met Thabo gebeur toe hy sy buitedeur oopgelos het? *Daar het 'n bergie in sy kamer ingekom.*

14. Hoekom sê Thomas se pa hy wil in Kleinkrans kom? *Hy sê hy is 'n bietjie moeg.*

Hoofstuk 5

Alex en Lilian beplan om die partytjie by die skooling Woensdagmiddag al te hou en Hannes is glad nie beïndruk om te hoor Thomas het gesê hulle twee sal help nie. Thomas nooi vir Lukas saam Kleinkrans toe, maar Lukas maak 'n flou verskoning hoekom hy nie kan gaan nie.

1. Hoekom sal Woensdagmiddag beter wees as Donderdag vir die partytjie? *Lilian en Alex wil Donderdag saam met Thomas-hulle vertrek Kleinkrans toe en Woensdag sal hulle dus beter pas. Die meeste van die vrywilligers gaan op 'n Woensdag na die skooling toe en dan is daar dus meer mense wat met die kinders kan speel. Woensdag sal ook die kulkunstenaar beter pas.*
2. Waar is die skooling? *Die skooling is in Lavender Hill op die Kaapse Vlakte.*
3. Waarheen wil Lilian se ma-hulle gaan vir die naweek? *Hulle wil Hermanus toe gaan.*
4. Hoekom is Lukas by die skoolhoof? *Hy het die oggend laat gekom vir skool.*
5. Wie, sê Alex, moet gestraf word as kinders laat is vir skool en hoekom? *Alex sê die ouers moet gestraf word, omdat hulle die kinders by die skool aflaai.*
6. Wie gaan vir Alex en Lilian help by die partytjie? *Hannes en Thomas gaan hulle help.*
7. Hoekom wil Thomas help? *Hy sê dit gaan nie baie lank neem nie – net 'n paar uur – en daar gaan lekker kos wees, want McDonald's borg die partytjie. Hy sê ook dit is vir 'n goeie doel en al wat hulle moet doen, is om die partytjie te geniet en met die kinders te speel. (Die leser kan tereg aflei dat hy dalk “ja” gesê het om Alex te beïndruk.)*
8. Hoekom wil Hannes nie help nie? *Hy dink skullings is grillerig.*
9. Watter tipe skooling is dit? *Vir hawelose kinders.*

10. Watter siekte het van die kinders by die skuiling? *Party van die kinders het vigs.*
11. Hannes dink Thomas het eintlik ander redes om te sê dis “cool” dat Alex en Lilian by die skuiling help. Wat is die redes, volgens Hannes? *Hannes dink Thomas sê dit bloot omdat hy so mal is oor Alex.*
12. Wat moes Lukas doen as straf omdat hy laat was vir skool? *Hy moet gedurende pouse baie briewe (drie bome se papier) in koeverte sit en toeplak.*
13. Hoe verduidelik Lukas sy vreemde gedrag van die afgelope tyd aan Thomas? *Hy sê daar is probleme by sy huis waaroor hy nie eintlik kan praat nie.*
14. Hoe is Thomas se ma dood? *Sy het ’n ernstige siekte gehad.*
15. Wat is Lukas se verskoning om nie die naweek saam te gaan Kleinkrans toe nie? *Hy sê hulle het al klaar planne vir die naweek en hy moet swem oefen.*

Hoofstuk 6

Ná die tyd drink almal koeldrank buite en Hannes vermaak ’n groep kinders met ’n storie oor Hannes die Hectic Held en die draak. Wanneer Alex en Thomas straataf loop na die vulstasie waar haar pa hulle gaan oplaai, ry ’n motor hulle amper om.

1. Hoekom wil Hannes nog ’n kaasburger hê? *Hy sê hy is honger omdat sy ma op ’n dieet is en hy nie genoeg kos by die huis kry nie. (Dalk is dit net omdat hy ’n tienerseun is met “hectic munchies”!)*
2. Hoekom dink Thomas Hannes moet nie nog ’n kaasburger eet nie? *Hannes het al vier burgers geëet en Thomas sê Hannes gaan bars.*
3. Watter vermaak is by die partytjie? *Daar is ’n kulkunstenaar wat die kinders vermaak.*
4. Wat is die Afrikaanse woord vir *trick*? *Die woorde truuk, toertjie of kulkunsie kan gebruik word.*
5. Hoeveel kinders sit voor die verhoog? *Daar sit omtrent dertig kinders voor die verhoog.*
6. Watter posisie beklee Mary by die skuiling? *Bestuurder*

7. Hoe, sê Mary, het die meeste van die kinders by die skooling uitgekom? *Sy sê die meeste van hulle het óf weggeloop van die huis af óf hulle is ouerloos/weeskinders.*
8. Wat is die eenwoordterm vir 'n ouerlose kind? *Weeskind.*
9. Hoekom sal baie van die kinders by die skooling nie oud genoeg word om skool toe te gaan nie? *Hulle sal sterf omdat hulle vigs het.*
10. Wat doen die kleintjie wat op Lilian se skoot sit? *Hy kyk die heeltyd vir die kulkunstenaar.*
11. Skryf 'n paar sinne oor die kleintjie wat op Alex se skoot sit. *Eie antwoorde. Hier is 'n voorbeeld: Hy is nuut by die skooling en hy het vroeër baie gehuil. Thomas het vir hom 'n sokkerbal geskop en selfs daarvoor het hy gehuil. Sy neusie loop nog terwyl hy saam met Alex na die kulkunstenaar kyk. Hy is nou rustig en stil en luister na wat Alex in sy oor fluister.*
12. Hoekom dink Thomas Alex is goed met kinders? *Sy kry dit reg om dié outjie, wat vroeër huilerig was, gelukkig en rustig te hou.*
13. Hoekom verlaat Thomas en Hannes die saal/vertrek? *Mary vra hulle om te help koeldrank skink. Die koeldranktafel is buite.*
14. Hoe lyk die koeldranktafel? *Die tafel is kleurvol versier met ballonne en papierlinte.*
15. Hoekom sê Hannes hulle kan bly wees die wind waai nie? *Die wind sou die plastiekglasies van die tafel afgewaai het. Die suidoostewind het die vorige jaar 288 dae gewaai in die Kaapste metropool, maar dit waai nie vandag nie.*
16. Hoekom haat Hannes die wind? *Hy sê dit mors met 'n mens se ione.*
17. Hoekom dink Thomas nie Hannes se windinligting is interessant nie? *Hy gee nie om hoeveel keer die wind waai of wat dit aan jou ione doen nie. Hy weet ook nie eintlik wat ione is nie.*
18. Hoekom is Hannes kwaad omdat Thomas nie dink sy inligting is interessant nie? *Hy sê Thomas dink altyd Alex se nuttelose inligting is oulik. Hy reken sy inligting is "harde, koue feite" wat regtig interessant is, maar Thomas stel nie*

belang nie. Die feit dat Thomas hom 'n nerd genoem het, krap hom ook om.

19. By wie wil Alex die seuntjie wat aan haar vasklou, aflaai? *Sy wil hom by Hannes aflaai waar hy besig is om vir die kinders stories te vertel.*
20. Hoe lyk Hannes terwyl hy die stories vertel? *Hy lyk vreemd omdat hy sy arms swaai en kort-kort aan sy hare pluk-pluk.*
21. Hoekom is Thomas bly hy het net een sussie? *Hy is moeg en besef dat kinders 'n mens uitput.*
22. Watter soort uitdrukking is "... soos 'n tennisbal rondhop"? *Dit is 'n vergelyking.*
23. Watter soort uitdrukking is "die kat uit die boom kyk"? *Dit is 'n idioom.*
24. Hoekom moet die kleintjies self opruim ná die partytjie? *Mary sê dit help hulle om selfdisipline en verantwoordelikheid te leer.*
25. Wie gaan saam met Alex se pa ry? *Alex en Thomas gaan saam met Alex se pa ry. (Hannes sou ook, maar hy wil eers sy storie klaar vertel.)*
26. Hoekom wil Hannes nie saamry nie? *Hy wil eers sy storie klaar vertel.*
27. Wie is die hoofkarakter in Hannes se storie? *Hannes die Hectic Held.*
28. Watter ander karakter is in Hannes se storie? *Daar is ook 'n draak in Hannes se storie.*
29. Wie gaan vir Hannes kom oplaai? *Sy suster, Carla, en haar kêrel gaan hom kom haal.*
30. Waar gaan Alex se pa hulle oplaai? *Alex se pa gaan hulle by die vulstasie op die hoek kry.*
31. Watter baken gebruik Alex se pa om mee koers te hou? *Hy gebruik Tafelberg as 'n baken om koers te hou.*
32. Hoekom skrik Thomas toe die roomkleurige motor om die draai kom? *Hy hoor die skreeuende bande en sien die motor op hulle afpyl. Die motor waarin die man ry wat vir Lukas aangeval het, is ook roomkleurig.*
33. Waaraan skryf Alex die bestuurder se gedrag toe? *Alex sê die bestuurder is heel moontlik dronk.*

Hoofstuk 7

Thomas en sy vriende is in die Engelsklas waar Miss Stewart *The Giver* met hulle behandel. Terwyl Alex 'n vraag beantwoord, sien Thomas dat Lukas met ander dinge besig is. Hy probeer sy aandag trek met 'n papierballetjies, maar die onderwyseres sien hom. In 'n poging om vir Lukas uit die moeilikheid te hou, sê Thomas vir haar dat hy die brief wat Lukas sit en lees, geskryf het, maar hy vind eers later uit dat dit 'n aaklige dreigbrief was.

1. Hoe lank is dit nog voordat Thomas-hulle Kleinkrans toe ry? *Dit is nog ses uur en 35 minute.*
2. In watter klas is hulle? *Hulle is in die Engelsklas.*
3. Wie is die onderwyser? *Miss Stewart is die Engels-onderwyser.*
4. Watter boek behandel hulle? *Hulle behandel The Giver.²*
5. Hoekom hou Thomas nie daarvan om boeke te analiseer nie? *Hy dink die "simboliek en geheime boodskappe" wat die onderwyser in die boek sien, is nie noodwendig wat die skrywer bedoel het nie.³*
6. Wat doen Lukas in die klas? *Hy lees 'n brief en probeer terug skryf.*
7. Thomas dink oor Lukas: "Hy hoop nie dis hulle voorgeskrewe boek wat hom so in 'n trance gooi nie." Wat is die Afrikaanse woord vir *trance* en wat beteken dit? *Die Afrikaanse woord wat waarskynlik die beste hier gaan pas, is beswyming. 'n Mens sou ook kon sê Thomas dink Lukas is in 'n staat van verrukking, ekstase of vervoering. Dit beteken om meegevoer te raak deur iets en nie meer heeltemal bewus te wees van wat om jou aangaan nie.*
8. Waaruit kan die leser aflei dat Lukas bang of senuweeagtig is? *Hy is wasbleek en bewe terwyl hy skryf. Hy kyk verskrik op toe Thomas se papiertjie hom op die wang tref. Hy lyk ook benoud toe Miss Stewart hom en Thomas uitvang. Sy vuiste is gebal en sy kneukels is wit. Hy lyk of hy gaan flou word.*

2 *The Giver* is 'n baie slim boek om hier te noem. Sien asseblief 'n kort bespreking daarvan aan die einde van vraag 11.

3 Dit is 'n heerlik ironiese opmerking. Lees asseblief die kort bespreking oor *The Giver* aan die einde van vraag 11.

9. Hoe probeer Thomas Lukas se aandag trek? *Hy skiet 'n balletjie papier met sy liniaal na Lukas toe.*
10. Hoekom sê Thomas hy het die brief geskryf? *Hy probeer 'n goeie vriend wees deur vir Lukas uit die moeilikheid te hou omdat hy weet Lukas gaan deur 'n moeilike tyd.*
11. Wat dink Miss Stewart van die episode? *Sy dink hulle het aaklige dreigbriewe geskryf.*

Die gebruik van *The Giver* in hierdie hoofstuk

Dit is ironies dat Thomas so skop teen “simboliek en geheime boodskappe” wat in boeke ingebou word. Enige leser wat Lois Lowry se jeugroman *The Giver* ken, sal weet dat hierin 'n ernstige voorbode voorkom – net so ernstig soos die een wat Thomas van Thabo se ouma gekry het.

The Giver handel oor 'n utopiese samelewing waar daar geen geweld en geen misdaad is nie. Die twaalfjarige Jonas word dan gekies om die draer van kennis en geheue te word. So, deur fisiese pyn en gruwels te ervaar, besef hy dat hulle Utopia nie werklik so idillies is as wat hy gedink het nie.

Thomas is op pad na Kleinkrans toe, 'n skynbare Utopia waar hulle kan wegkom van die geweld en die misdaad in die stad. Ons, wat nou al die boek gelees het, weet dat die idille nie lank hou nie!

Dit is interessant dat Thomas hier in die hoofstuk ook die sondebok word – hy stel homself in gevaar om Lukas uit die moeilikheid te hou, tog word die kardinale deel van die brief, naamlik die inligting wat daarin vervat is, nooit aan Thomas bekend nie. Sou hy die brief gesien het, sou hy dalk Lukas se vreemde optrede verstaan het, en sou hy ook Lukas se verskuilde waarskuwing aan die einde van hoofstuk 5 verstaan het!

Lois Lowry is in 1994 met die gesogte Newbery-medalje bekroon vir hierdie jeugroman. Sy het verskeie ander tekste ook geskryf.

Hoofstuk 8

Thomas probeer sy bes om vir Lara te sus sodat hulle Kleinkrans toe kan vertrek. Hy loop buitentoe waar sy pa besig is om die bagasie in die motor te laai. In 'n laaste poging om die baba rustig te maak, gaan Thomas 'n entjie met haar stap. Dan sien hy 'n

beige motor wat in die straat geparkeer is en hy besef dít is die motor wat amper vir hom en Alex raakgery het die vorige middag. Hy stap vinnig huis toe en sien Alex en Hannes is al daar.

1. Hoekom wil Thomas die graagste hê Lara moet ophou huil? *Hulle kan nie vertrek Kleinkrans toe voordat sy ophou huil nie. Hy kan nou nie meer wag vir hierdie heerlike naweek om te begin nie.*
2. Hoekom is Thomas kwaad vir Lukas? *Eers was Lukas ongeskik met hom en toe Thomas hom probeer help deur die skuld te dra vir die dreigbrief, het Lukas nie eers die ordentlikheid gehad om vir hom te sê wat in die brief staan nie.*
3. Met watter musiek probeer Thomas vir Lara sus? *Hy probeer haar eers met 'n Eminem-liedjie sus en toe dit nie werk nie, probeer hy Westlife se musiek.*
4. Wat dink Thomas is die ding wat hy in Lara se wiegie gekry het? *Hy dink dis 'n stuk gereedskap wat die werkers, wat die boekrakkie kom opsit het, daar vergeet het.*
5. Waarmee is Thabo besig? *Hy was sy pa se viertrekvoertuig.*
6. Wat is Thomas se laaste poging om Lara te sus? *Hy besluit om 'n entjie met haar te gaan stap terwyl hy 'n liedjie neurie.*
7. Hoekom dink Thomas die Westlife-liedjie het Lara laat ophou huil? *Hy dink alle meisies hou van Westlife.*
8. Watter kleure verkies Thomas bo beige vir 'n motor? *Hy verkies silwer en metaalblou.*
9. Hoekom is Thomas nie seker watter soort motor hom en Alex amper omgery het die vorige dag nie? *Dit het vinnig gebeur, want die motor het baie vinnig gery. Hy het ook nie die heeldyd vir die motor gekyk nie. Dit was vir hom belangriker om seker te maak dat Alex veilig is as om te sien watter soort motor dit is.*
10. Waarmee “dreig” Thomas vir Lara? *Hy sê vir haar as sy nie stilbly sodat hulle kan ry nie, sal hy eendag vir haar kêrels vertel hoe grillerig haar doeke was.*

Hoofstuk 9

Die groep kom ná 'n lang tyd op die pad in Kleinkrans aan. Die huis

is groot en die uitsig is pragtig. Dit is op 'n krans gebou en daar is grotte onder die huis. Daar is 'n swemstrand en 'n ongerepte, fynbosbedekte veld naby die huis. Terwyl Thomas se pa vir hom wys waar alles is, waarsku hy hom om versigtig te wees. Hy gee vir sy pa die stuk gereedskap wat hy die oggend in Lara se wiegie gekry het. Hannes en sy pa bevestig Thomas se pa se vermoede dat dit 'n perlemoenmes is. Toe Hannes vra of hy gaan duik vir perlemoen, vervies Thomas se pa hom, loop weg en maak 'n oproep op sy selfoon.

1. Wat let Hannes eerste op toe hulle op Kleinkrans aankom en wat sê dit van sy karakter? *Hannes let dadelik op dat die huis baie groot is. Dit dui daarop dat materiële dinge en geld vir hom belangrik is.*
2. Wat let Alex eerste op toe hulle op Kleinkrans aankom en wat sê dit van haar karakter? *Sy sien eerste die uitsig raak en let op hoe lekker die see ruik. Dit dui daarop dat sy hou van die mooi dinge in die lewe en die groter prentjie kan raaksien.*
3. Wat is Hannes se pa se naam? *Francois*
4. Hoekom is Hannes se pa in 'n rolstoel? *Hy is meer as 'n jaar tevore in 'n kaping verlam.*
5. Wat is Hannes se ma se naam? *Leatitia*
6. Hoekom is dit maklik vir Hannes se pa om 'n dag af te vat by die werk? *Hy werk van sy huis af.*
7. Wat is Hannes se suster se naam? *Carla*
8. Wat is haar kêrel se naam? *Rob*
9. Hoekom sê Alex vir Thomas sy sal hom later sien? *Sy wil haar bagasie in haar kamer gaan uitpak.*
10. Verduidelik hoe die omgewing rondom die huis lyk. *Die huis is bo-op 'n krans gebou. Onderaan die krans breek die branders teen die rotse. Daar is 'n groot stuk ongerepte, fynbosbedekte veld tussen die huis en die deurpad na die res van Kleinkrans. Regs van die huis is die swemstrand en die voetpaadjie soontoe is net langs die huis. Daar is waterpoele en grotte langs die strand en grotte onder die huis.*
11. Hoekom antwoord sy pa hom nie toe Thomas vra of daar iets is wat hy moet weet nie? *Louisa kom staan by hulle met Lara op haar heup voordat sy pa hom kan antwoord. Sy pa wil vermoedelik nie daarvoor praat voor Louisa nie.*

12. Hoe weet Louisa dit is nie 'n stuk gereedskap van die boekkrakmense wat Thomas in Lara se wiegie gekry het nie? *Sy het die vorige aand die lakens in die wiegie omgeruil omdat dit so vol stof was ná die werkery.*
13. Wat dink sy pa is die implement? *Hy dink dit is 'n perlemoenmes.*
14. Wie bevestig sy vermoede? *Hannes en sy pa sê ook dit is 'n perlemoenmes.*
15. Wat dink Thomas is die ding wat hy in die wiegie gekry het? *Hy dink dis 'n "puttymes" (stopkleimes in Afrikaans) wat die werksmense daar vergeet het.*
16. Wat sê Hannes se pa van die mes? *Hannes se pa sê dit is 'n baie gesofistikeerde mes en dis baie duur. Professionele duikers gebruik dié soort mes. Hy wys die tande aan die lem uit wat dit vir die duiker makliker maak om dit agter die perlemoen in te kry. Hy wys ook vir die ander die sentimeter-afmetings wat die duiker gebruik om eers die perlemoen te meet voordat hy dit oes.*
17. Hoekom gaan Thomas se pa nie duik vir perlemoen nie? *Hy sê daar is genoeg roekelose stropers in die omgewing wat die hulpbronne uitput en hy wil nie meedoen daaraan nie.*

Hoofstuk 10

Op Kleinkrans raak dit gou vir Thomas duidelik dat dit nie so 'n wonderlike naweek gaan wees as wat hy verwag het nie. Alex kry heelaand geheimsinnige oproepe en Hannes wil sowaar rook. Thomas gaan na sy kamer toe en besluit om die meubels te her-rangskik. Dan kom hy agter dis makliker gesê as gedoen, want die massiewe houtmeubels is baie swaar. Wanneer hy die bedkassie skuif, haak dit aan iets in die vloer en Thomas ontdek 'n deurtjie wat na 'n grot onder die huis lei.

1. Wie se selfoon lui gedurig? *Alex s'n.*
2. Hoeveel keer het haar foon al gelui? *Haar foon het al drie keer gelui en dit is die vierde keer waarvan die leser vertel word.*
3. Hoekom dink Thomas sy maak asof sy 'n geheime agent is? *Elke keer as sy 'n oproep ontvang, gaan staan sy ver weg en*

- draai haar rug op die geselskap. Dan praat sy baie sag sodat niemand kan hoor wat sy sê nie.*
4. *Hoekom het Thomas sy eetlus verloor? Hy is jaloers oor die foonoproepe wat Alex kry, veral omdat hy nie weet wie bel nie.*
 5. *Wie het vir Alex gebel? Lilian en Lukas het haar gebel.*
 6. *Hoekom het Lilian gebel? Sy het laat weet sy gaan saam met haar ouers Hermanus toe vir die naweek en dat sy nie meer Kleinkrans toe kan kom nie.*
 7. *Wat is Valkenburg? Valkenburg is 'n psigiatriese hospitaal in Kaapstad.*
 8. *Wat wil Hannes doen? Hannes wil rook.*
 9. *Hoekom wil Thomas nie rook nie? Hy sê sy pa het twintig jaar lank gerook en dit het baie sleg geruik. Hy gril daarvoor en stel daarom glad nie belang nie.*
 10. *Hoekom wil Hannes rook? Hy dink dis cool omdat Rob rook.*
 11. *Waar het hy die sigarette gekry? Hy het dit by Rob gekry wat dit van Amerika af saamgebring het.*
 12. *Hoekom kan hulle nie 'n rekenaarspeletjie speel nie? Hannes was so gespanne om sy pa se skootrekenaar te vat sonder om gevang te word, dat hy vergeet het om rekenaarspeletjies saam te bring.*
 13. *Hoekom hou Thomas van die kamer wat hy gekies het? Dit is privaat omdat dit 'n kelderkamer onder die huis is. Die kamer het ook 'n pragtige uitsig.*
 14. *Watter meubels is in die kamer? Daar is twee beddens oorkant die erkervenster. Onder die venster is 'n groterige houtkassie. Daar is ook 'n ingeboude hangkas langs die trappe.*
 15. *Hoekom herrangskik Thomas die meubels in die kamer? Hy wil die beddens en die houtkassie omruil sodat hy die hele dag na die see kan kyk en saans na die branders kan luister.*
 16. *Hoekom sukkel hy so om die meubels te skuif? Die meubels is baie swaar omdat dit van soliede hout gemaak is.*
 17. *Wat ontdek Thomas toe hy die bedkassie skuif? Hy ontdek 'n deurtjie in die houtvloer.*

18. Hoekom het die kassie daaraan gehaak? *Die een hoek van die deurtjie pas nie goed in die vloer in nie.*

Hoofstuk 11

Thomas word alleen in sy en Hannes se kamer wakker met die son wat vol in sy gesig skyn. Dan onthou hy die deurtjie in die vloer en trek vinnig sy swembroek, 'n T-hemp en tekkies aan. Hy moet voel-voel en baie stadig stap omdat hy flitsloos in die pikdonker grot is. Hy loop met die tunnel langs en gaan deur 'n kleinerige opening. Op 'n hoërige rots wat oor die see hang, sit die mooiste meisie wat hy nog gesien het. Sy sê vir hom sy het gewonder wanneer hy sou kom.

1. Wat beteken “hy’t nou soos ’n dooie geslaap”? *Hy het baie vas geslaap.*
2. Wat is die “hengse kollig” wat in sy oë skyn? *Dit is die son wat deur die venster op hom skyn.*
3. Hoekom trek Thomas sy swembroek aan? *Hy het die vorige aand toe hy die deurtjie oopgemaak het die see baie duidelik gehoor en geruik. Hy weet dus die water is naby. Thomas is ’n kranige swemmer wat nie ’n kans vir swem sal laat verbygaan nie.*
4. Hoekom trek hy tekkies in plaas van plakkies aan? *Hy weet nie presies wat aan die onderpunt van die trappies is nie en dis veiliger om met tekkies te gaan as met plakkies.*
5. Hoekom wens Thomas hy het ’n flits en ’n Switserse weermagmes gehad? *Dit is baie donker. ’n Flits sou dit makliker gemaak het om te kan sien waarheen hy gaan. Met ’n “Swiss Army Knife” (soos hy dit noem) sou hy homself kon beskerm.*
6. Hoekom grill Thomas vir die grotmure? *Die mure is koud, nat en slymerig. Dit is nog meer grilliger omdat hy nie kan sien waaraan hy vat nie.*
7. Hoeveel trappies word verlig deur sy kamer se lig? *Drie trappies word verlig deur die lig uit sy kamer.*
8. Wat is ’n pofadder? *’n Pofadder is ’n giftige slang.*
9. Hoekom moet Thomas versigtig trap om nie te gly nie? *Die vloer is glad en selfs met sy tekkies aan kan hy nie behoorlik vastrap nie.*

10. Hoe reageer Thomas toe die tunnel doodloop? *Hy is teleurgesteld toe hy ontdek die tunnel loop doop en vra hardop of dit dan nou al is.*
11. Wat verhoed dat Thomas kan sien presies waar hy is? *Die hoogte van die rotsblok belemmer sy uitsig, daarom kan hy nie sien waar hy is nie.*
12. Wat is 'n amfiteater? *Dit is 'n teater, met 'n verhoog en sitplekke wat, per definisie, nie 'n dak het nie en waarvan die sitplekke gewoonlik in 'n halfsirkel gerangskik is om die verhoog en trapsgewys oploop na bo.*
13. Waaraan herinner die grot vir Thomas? *Die grot herinner Thomas aan 'n grot by Waenhuiskrans.*
14. Wat sien Thomas toe hy van die lysie afklim en verder stap? *Hy sien die tunnel hervat om die draai.*
15. Wat sien Thomas toe hy deur die opening stap? *Hy sien hoe die see in die grot inspoel. Die seewater is turkoois en die skuimbolle is wit. Dit is die mooiste gesig wat hy nog gesien het.*
16. Wat sien Thomas bo-op die rots? *Thomas sien die mooiste meisie wat hy nog aanskou het.*
17. Hoe lyk die meisie? *Sy is baie mooi. Haar hare is lank en vlasblond en hang laag teen haar rug af. Haar vel is baie wit. Sy dra 'n ligblou rok en 'n groot silwer ring aan haar linkerhand.*
18. Hoe klink haar stem? *Haar stem klink soos die see.*
19. Wat sê sy vir Thomas? *Sy sê sy het gewonder wanneer hy sou kom.*

Hoofstuk 12

Thomas gesels met die pragtige, vreemde meisie op die rots. Sy waarsku hom dat die gety hom gaan vaskeer en hy kies koers. Hy ontdek 'n groot getypoel waarin hy kan oefen en dink die grot sal 'n romantiese plek wees vir 'n piekniek in die aand saam met Alex. Toe hy met die rotse langs huis toe klim, sien hy haar tussen die rotse weggekrui sit. Hy sien daar is 'n ou by haar. Die ou draai om en hy sien dis Lukas! Thomas is so kwaad dat hy nie eers wil hoor wat Alex as verduideliking wil aanbied nie.

1. Hoekom voel Thomas skuldig omdat hy dink die meisie is 'n "absolute babe"? *Hy voel 'n bietjie skuldig omdat hy eintlik van Alex hou en hy dink dis dalk nie reg om so te voel oor hierdie meisie nie.*
2. Vertaal die term "absolute babe". (*Eish, kan 'n mens, of moet 'n mens?*) *Die direkte Afrikaanse vertaling sou waarskynlik wees 'n "pragtige meisie", maar dit val nie dieselfde op die oor nie! Laat die leerders hul eie idees met die klas deel.*
3. Wat is die meisie se naam? *Haar naam is Bianca.*⁴
4. Wie sit langs haar op die rots? *'n Man en vrou sit langs haar. Die leser kan dalk aflei dat dit haar ouers is, want "albei is so blond soos Bianca".*
5. Wat doen die man en vrou en hoe lyk hulle? *Die man en vrou kyk nie na hom nie. Die man kyk oor die see uit en die vrou lees 'n boek. Hy is blond en dra 'n wit hemp met kruisbande. Sy is ook blond en dra 'n langmourok.*
6. Hoe, sê Bianca, het sy geweet wat Thomas se naam is? *Sy sê sy het gehoor toe iemand hom die vorige dag geroep het.*
7. Watter gety is op pad? *Hoogwater. Thomas kan sien dat die see heelwat nader oor die rotse spoel.*
8. Hoekom moet Thomas versigtig trap? *Die rotse waarop hy klim, is nat en glibberig.*
9. Wat sien hy toe hy op die rotse voor die grot staan? *Hy sien daar lê 'n groot getypoel voor hom wat tot redelik diep in die see strek.*
10. Hoekom is Thomas so opgewonde oor sy ontdekking? *Die poel is groot genoeg vir hom om sy swem te oefen die naweek. Die water is ook nie so koud soos die swemstrande by Kaapstad nie.*
11. Hoekom kan Thomas nie aan die seebodem raak nie? *Die see is te diep. Hy kan nie sy asem lank genoeg ophou nie en hy kan nie met lange vol lug so diep afgaan nie.*
12. Wat beplan Thomas om in die grot te doen? *Hy beplan om een aand 'n piekniek daar reg te sit en dan vir Alex soontoe te bring. Hy wil haar verras met 'n romantiese gebaar.*

4 Ons gaan in die volgende afdeling meer aandag gee aan hierdie interessante meisie!

13. Hoekom gaan Thomas nie vir Hannes en Alex van die plek vertel nie? *As hy hulle vertel, kan hy nie vir Alex verras nie. As hy net vir Hannes vertel, sal hy dit vir 'n skelmrookplek gebruik, of hy sal vir Alex vertel en die verrassing bederf.*
14. Wie sien Thomas ingewikkel tussen die rotse sit? *Hy sien vir Alex tussen die rotse.*
15. Met wie praat sy? *Alex is besig om met Lukas te praat.*
16. Hoekom dink Thomas Lukas vry met sy meisie? *Lukas het vir hom gesê hy kan nie die naweek kom nie en nou kruip hy tussen die rotse weg saam met Alex. Thomas sien ook dat Alex aan Lukas se skouer vat en sy rug vryf.*
17. Hoekom lei Thomas af dat Lukas die vorige aand vir Alex gebel het? *Alex was baie geheimsinnig elke keer wat sy 'n oproep gekry het. Thomas dink nou dit was Lukas wat dié geheime ontmoeting probeer reël het.*
18. Hoekom val Thomas vir Alex in die rede? *Hy is te kwaad om na haar verduideliking te luister. Hy het homself reeds oortuig dat Lukas en Alex iets aan die gang het.*
19. Hoe dui die skrywer Thomas se woede aan? *Thomas se woede word aanvanklik aangedui met sy gedagte dat Lukas vandag geslaan gaan word. Hy voel sy hande bewe van woede en wanneer hy Alex in die rede val, praat hy deur sy tande en storm weg. Sy woede word aangedui deur sy interne dialoog, sy fisiese reaksie en sy woorde.*

Hoofstuk 13

Thomas kry 'n SMS van Alex, maar ignoreer dit en bly in sy kamer. Hy is nog heeltemal te kwaad om na haar of Lukas te luister. Dan kom sy pa na hom toe om te sê Thomas-hulle moet die probleem uitsorteer en hy moet die naweek begin geniet. Hy nooi vir Thomas om saam met hom dorp toe te gaan. Hulle gaan na die polisiestasie waar sy pa dokumente gaan haal en daarna stop hulle by 'n restaurant in die hoofstraat vir middagete. Thomas is nie lus vir geselsies met sy pa nie en gaan kyk rond in die winkeltjie. Hy kry 'n flits en koop ook 'n boek oor Kleinkrans. Op pad uit loop hy in 'n man vas en Thomas en sy boek val. Die man trap op die boek en kyk dreigend na Thomas. Lukas kom tot sy redding, maar die

man dreig hom met die dood. Dan sien Thomas die tatoeëermerk in die man se nek: dit is Sharky Fortuin!

1. Skryf Alex se SMS in gewone Afrikaans. *Dag, Tom. Praat asseblief met my! Moet my nie ignoreer nie. Kom kry my by die see. Ek kan verduidelik.*
2. Hoekom sal hy haar nie glo as sy sê “dis nie wat jy dink nie”? *Hy het al ’n klomp flieks gesien waar dit as verskoning gebruik is, maar in die flieks was dit nie die waarheid nie. Hy is oortuig dat dit wat hy gesien het, ’n bewys is dat Alex en Lukas iets aan het.*
3. Hoekom noem Thomas vir Lukas ’n rugsteker? *Lukas het gemaak dat Thomas in die moeilikheid kom by die Engels-onderwyser oor die dreigbrief en nou vry hy met die meisie in wie Thomas belangstel. Lukas weet Thomas hou van Alex.*
4. Wat is die Afrikaanse woord vir *tantrum*? *Dit is ’n woede-uitbarsting (en soms word grappenderwys verwys na ’n vloermoer. Laasgenoemde is egter nie ’n goeie vertaling nie en geld eintlik net vir klein kindertjies.).*
5. Wie kom na Thomas se kamer toe? *Thomas se pa kom na sy kamer toe.*
6. Hoekom dink sy pa dat iets vir Thomas pla? *Thomas se pa vermoed iets pla hom, want hy sit al heeldag in sy kamer, al is dit ’n mooi dag. Alex het al ’n paar keer na hom gesoek en Thomas se pa weet ook dat Lukas opgedaag het. Hy het gedink Thomas sou graag, soos gewoonlik, saam met sy vriende wou kuier.*
7. Wat verwag sy pa moet die vriende doen? *Hy verwag van hulle om die probleem wat hulle nou van mekaar af weghou, uit te sorteer.*
8. Waarheen nooi sy pa hom saam? *Na Kleinkrans se hoofstraat toe om te gaan kyk wat aangaan in die dorp.*
9. Waar is Louisa en Lara? *Louisa en Lara is saam op die strand.*
10. Hoekom wil sy pa so graag hê Thomas moet saam met hom ry? *Hulle kry nie dikwels die kans om alleen tyd saam te spandeer nie. Hy wil ook nie hê Thomas moet heeldag alleen sit en jammer voel vir homself nie.*

11. Waar, neem Thomas aan, is Hannes? *Thomas neem aan Hannes rook iewers saam met Rob.*
12. Hoekom besluit hy om saam met sy pa dorp toe te gaan? *Hy sal 'n flits en batterye kan koop wat hy wil hê as hy weer in die grot onder sy kamer wil ingaan.*
13. Hoe lyk die pad van die huis af Kleinkrans toe? *Dit is 'n grondpad wat vol slaggate is omdat dit nie goed in stand gehou is nie.*
14. Hoe ver is die dorp van die huis af? *Kleinkrans se dorp is omtrent vyftien kilometer van die huis af.*
15. Hoe lank ry hulle Kleinkrans toe? *Hulle ry 'n halfuur lank.*
16. Hoe loop Kleinkrans se hoofstraat? *Die hoofstraat loop van die grootpad af see se kant toe.*
17. Watter plekkies in die hoofstraat kry 'n mens in amper enige dorp? *'n Poskantoor, 'n eiendomsagent, 'n bank en 'n apteek.*
18. Waarheen moet Thomas se pa gaan? Hoekom? *Na die polisiestasie toe gaan om dokumente te gaan haal.*
19. Wie het die dokumente soontoe gestuur? *Malan de Wet het die dokumente soontoe gestuur.*
20. Hoekom is die dokumente nie by die poskantoor nie? *Dit is vinniger en veiliger om regsdocumente na die polisiestasie te stuur.*
21. Hoekom voel Thomas daar is nie demokrasie in die gesin nie? *Sy pa wou nie hê hy moet 'n rekenaar saambring nie, maar nou gaan sy pa werk, al het hy gesê hy gaan nie werk op hulle naweek saam nie. Dit is ondemokraties omdat dieselfde reëls nie vir almal geld nie.*
22. Hoeveel diensvoertuie staan voor die polisiestasie? *Daar staan net een diensvoertuig voor die polisiestasie.*
23. Hoeveel polisiemanne is aan diens? *Daar is twee polisiemanne aan diens.*
24. Wat doen Thomas se pa in die polisiestasie? *Hy verduidelik vir die konstabel dat hy dokumente kom haal.*
25. Wat doen Thomas in die polisiestasie? *Thomas kyk na die ou kaarte en dokumente teen die muur.*
26. In watter jaar is die ou kaart van Kleinkrans geteken? *Die kaart is in 1902 geteken.*

27. Wat sien Thomas op die plek waar hy skat die huis vandag staan? *Hy sien 'n reeks grotte word op die kaart aangedui. Die grotte se name word ook aangedui.*
28. Wat dink Thomas is die naam van die grot waar hy dié oggend was? *Die Janusgrot*
29. Wie was Janus? *Die boek sê ongeveer die volgende:⁵ Hy was 'n godheid in Rome. Sy tempel op die Forum het twee hekke gehad en dit was oop tydens oorloë en toe in vredes-tye. Hy was 'n simbool van sukses en mislukking.*
30. Hoekom gee Thomas nie om wat hy en sy pa doen nie? *Thomas voel dat niks wat hy wil doen, by sy pa se planne pas nie.*
31. Hoekom is Thomas nie beïndruk met die restaurant waar hulle eet nie? *Die spyskaart is baie beperk.*
32. Hoekom wil Thomas na die winkeltjie gaan kyk? *Hy wil nie geselsies maak met sy pa nie en is bang sy pa preek weer vir hom.*
33. Watter guns vra sy pa hom? *Om die koerant te koop.*
34. Beskryf die man wat in die hoek staan. *Die man in die hoek staan en praat op sy selfoon. Hy staan met sy rug na Thomas toe en het 'n langerige, donker poniestert. Hy beduie só met sy hande dat die poniestert beweeg. Sy hare is oliërig en blink.*
35. Watter soort mure het die winkeltjie? *Die winkel het hout-mure. Thomas sien donker houtpanele uitsteek tussen al die kaarte, skilderye en foto's wat teen die mure hang.*
36. Wat is 'n ander naam vir 'n ronde kajuitvenster? *Patrjspoot.*
37. Beskryf die winkeleienaar. *Hy is 'n ou man wat na knoffel en sigaretrook ruik. Sy hare is wit en dun en staan wild regop, soos spookasemdrade. Hy dra 'n polonektrui.*
38. Hoekom dink die ou oom Thomas wil 'n fliets hê? *Hy dink Thomas wil na skatte gaan soek in die Janusgrot.*
39. Watter boek probeer die ou oom aan Thomas verkoop en hoekom? *Hy probeer Kleinkrans – Wispelturige Juweel van die Suid-Kaap aan Thomas verkoop, omdat dit Thomas se vrae oor die dorp en die Janusgrot sal beantwoord.*

5 Sien die bespreking na vraag 51. Thomas se idee is effens verwarrend.

40. Hoeveel kos die boek? *Die boek kos R20.*
41. Watter inligting sal hy in die boek kry? *Die boek bevat inligting oor die dorp se verlede.*
42. Teen wie loop Thomas vas toe hy by die winkel uitstap? *Hy loop vas teen die man met die poniestert wat vroeër in die restaurant op sy selfoon gepraat het.*
43. Wat doen die man? *Hy trap met sy swart stewel op die boek en staan met sy arms voor sy bors gevou. Hy kyk Thomas uitdagend aan.*
44. Wie staan skielik langs die man? *Lukas staan skielik langs die man.*
45. Wat sê hy vir die man? *Hy sê vir die man om vir Thomas uit te los.*
46. Luister die man na Lukas? *Ja, die man haal sy voet van Thomas se boek af, skop dit na hom en draai weg.*
47. Waaruit lei die leser af dat Lukas en die man mekaar ken? *Die man gebruik Lukas se van.*
48. Vertaal “your wish is my command”. *Jou wens is my bevel.*
49. Vertaal “death warrant”. *Doodsvonnis*
50. Wat sien Thomas in die man se nek? *Thomas sien ’n tatoeëermerk van ’n widdoodshaai.*
51. Thomas besef skielik hy weet wie hierdie man is. Wie is dit? *Thomas besef dit is Sharky Fortuin, die perlemoenstroper.*

Janus, die ander weergawe

Thomas se idee oor Janus is nie heeltemal verkeerd nie, maar dalk effens simplisties.

Die Latynse woord vir *deure* of *hekke* is *ianua*; vandaar die woord Janus. Soos ’n deur, of hek, op ’n skarnier kan swaai, was Janus, veral as godheid, ook iemand wat gekenmerk is deur teenstrydighede – soos Thomas tereg sê, “sukses en mislukking” was albei deel van dit wat Janus versimboliseer het.

Die rede vir hierdie dualisme (tweekantigheid), is waarskynlik omdat Janus geprys word as die leier wat Rome ingelyf het in die moderne era. Sy heerskappy het dus begin in ’n primitiewe stad, en het geëindig in ’n meer moderne era. So dra Janus dan ook beide geboorte en dood in hom rond, want dit is die begin en die einde, die oue en die nuwe.

Partykeer word Janus dus ook geteken met twee gesigte aan weerskante van sy kop: een wat die toekoms kan sien en een wat die verlede kan sien.

Janus en die hekke van die tempel

Die tradisie vertel dat Janus 'n baie goeie heerser was en dat hy ná sy dood tot godheid verhef is, en aangestel is as die beskermheer van Rome.

Daar word vertel dat Janus, nou 'n godheid, tydens die Sabyense oorlog 'n warmbron laat ontspring het op die plek waar die Sabyense soldate 'n aanval op Rome geloods het. Dit het gemaak dat die Sabyne nie die inwoners van Rome kon oorwin nie. Sedertdien is die hekke van die tempel oopgelos in tye van oorlog, sodat die godheid kon toetree tot die stryd, maar tydens vredestrye word die hekke weer toegemaak, soos Thomas opgemerk het.

Hoofstuk 14

Lukas wil met Thomas praat, maar Thomas is nog nie gereed vir die gesprek nie. Hy stel voor hulle gesels ná middagete waar sy pa nie by is nie. Toe sy pa die hoofstraat afstap, op soek na snoek, gee Thomas vir Lukas kans om te verduidelik. Hy vertel dat sy ouers gaan skei en sy ma sukkel nou om werk te kry nadat sy pa die pad gevat het. Hy het probeer help en het met Sharky deurmekaar geraak. Hy het Kleinkrans toe gekom om met Alex te praat wat lankal aangebied het om te luister as hy iemand nodig het. Dan sê hy iets waaroor Thomas nie voorheen seker was nie: Alex is mal oor Thomas.

1. Wie tel Thomas se boek op? *Lukas tel Thomas se boek op.*
2. Vertaal "oil spillage". *Oliestorting.*
3. Hoekom kyk Thomas ongemaklik na Lukas? *Kort tevore was hy nog baie kwaad vir Lukas omdat Thomas dink Lukas het met Alex gevry. Nou het Lukas hom gered en hy voel dankbaar. Dit is, met Lukas so naby, baie moeilik vir hom om te weet hoe om te reageer.*
4. Hoe het Lukas van die huis af in die dorp gekom? *Hy het saam met Rob en Carla gery.*
5. Hoekom dink Thomas Lukas het lanklaas behoorlik geslaap?

*Hy het donker kringe onder sy oë en sy hare is deurmekaar.
Hy lyk vir hom baie moeg.*

6. Hoekom wil Thomas nie voor sy pa met Lukas praat nie? *Sy pa het klaar vir hom gepraek omdat daar 'n bakleiery is tussen hulle. Hy wil nie voor sy pa verder baklei nie.*
7. Wat wil Thomas se pa koop? *Thomas se pa wil vars snoek koop.*
8. Hoekom het Lukas vir Alex gevra om hom by die rotse te ontmoet? *Sy help hom met sy probleem. Sy het voorheen aangebied dat hy enige tyd met haar kan praat.*
9. Hoekom kyk Lukas verbaas na Thomas? *Thomas verwys na Sharky as 'n "gangster" en Lukas is verbaas dat Thomas weet wie en wat hy is.*
10. Hoe weet Thomas wie die man is? *Hy het sy foto op die voorblad van die koerant gesien en sy pa het ook vir hom inligting oor die man gegee.*
11. Wat is die probleem by Lukas se huis? *Sy ouers gaan skei en sy ma sukkel finansieel omdat sy pa weg is. Sy sukkel ook om werk te kry.*
12. Hoekom het Lukas nie met Thomas, Hannes of Thabo gepraat oor sy probleme nie? *Hy het nie geweet wat om te doen nie en het gevoel hy kan nog nie vir hulle vertel wat aangaan nie.*
13. Wie is die voorligtingonderwyser? *Juffrou Esterhuizen is die voorligtingonderwyser.*
14. Wat beteken "sy is bo-aan 'n sielkundige, nee, 'n psigiater se lys"? *Sy is mal.*
16. Wat is Alex se van? *Louw*
17. Wat sê Lukas als vir Thomas van Alex? *Hy sê sy het aangebied dat hy enige tyd met haar kan praat en dat sy hom ondersteun. Hy sê ook dat Alex baie van Thomas hou, dat sy mal is oor hom.*

Hoofstuk 15

Thomas kry vir Alex op die stoep en begin verskoning maak omdat hy oorreegeer het. Hulle praat oor Lukas en hoe bekommerd hulle oor hom is. Alex sê Lukas het Kleinkrans toe gekom om vir Thomas iets te kom sê, maar sy weet nie wat nie. Dit moet

dringend wees, want Lukas het Kleinkrans toe geryloop. Ná hulle geselsie op die stoep, gaan wys Thomas vir Alex die getypoel. Terwyl hulle swem, kom 'n rubberboot op hulle afgepyl. Thomas herken die stuurman as Sharky Fortuin. Ná die boot weer weggejaag het, kom Alex agter haar hangertjie het in die water geval. Thomas duik om dit uit te haal en ontdek sakke vol perlemoen op die bodem.

1. Waar kry Thomas vir Alex? *Op 'n bankie op 'n stoep.*
2. Wat doen sy daar? *Sy sit en lees.*
3. Hoekom kom Alex nie dadelik agter dat Thomas by haar staan nie? *Sy is nie bewus van wat om haar aangaan nie, omdat sy verdiep is in haar boek.*
4. Hoekom het Alex nie vir Thomas gesê sy help vir Lukas nie? *Lukas het haar gevra om vir niemand te vertel nie.*
5. Waar is Lukas terwyl Thomas en Alex praat? *Hy slaap.*
6. Hoe het Lukas op Kleinkrans gekom? *Hy het geryloop.*
7. Wat bedoel Thomas as hy sê: "My pa het omtrent 'n beroerte én 'n hartaanval gekry toe hy dit hoor"? *Sy pa was baie ontsteld en kwaad toe hy hoor Lukas het geryloop.*
8. Hoekom het Lukas Kleinkrans toe gekom? *Hy wil vir Thomas iets sê.*
9. Hoekom het hy nie net vir Thomas gebel om te sê wat hy vir hom wil sê nie? *Alex weet nie, want Lukas het nie gesê hoekom hy nie die gesprek oor die foon kon hê nie.*
10. Waaroor dink Thomas wil Lukas met hom praat? *Hy dink dit kan te doen hê met die brief wat Lukas in Miss Stewart se klas geskryf het, of met Sharky.*
11. Vertaal "gangster". *Bendelid*
12. Hoekom wil Alex met Thomas se pa-hulle gaan praat? *Sy wil hê hulle moet weet wat aangaan omdat hierdie situasie, volgens haar, maklik kan handuit ruk.*
13. Wat beteken "handuit ruk"? *Dit beteken "buite beheer raak".*
14. Hoekom wil Thomas wag voordat hy sy pa-hulle betrek? *Hy wil eers hoor wat Lukas vir hom wil sê.*
15. Wat gaan wys Thomas vir Alex? *Hy gaan wys vir haar die Janusgrot.*

16. Wat sê Alex van die getypoel? *Sy sê dis 'n snaakse getypoel en dat sy nog nie een gesien het wat so diep geleë is, of so groot is, nie. Sy reken dit is soos 'n swembad.*
17. Hoekom leun Thomas nader aan Alex in die water? *Hy wil haar soen.*
18. Wat onderbreek hulle? *Hulle hoor die enjin van die rubberboot wat op die getypoel afpyl.*
19. Hoeveel mans is op die boot? *Vier*
20. Hoeveel mans het skubapakke aan? *Drie mans het skubapakke aan.*
21. Wie dra gewoonlik skubapakke? *Duikers dra gewoonlik skubapakke.*
22. Wat vermoed die leser is agterop die boot onder die doek? *Wat dink die leerders? Laat die leerders asseblief terugblaai na die eerste bladsy van hoofstuk 2 (bl. 11). Daar word, deur die Cape Argus, beweer dat die stropers dikwels 'n AK-47 masjiengeweer op hulle bote monteer. Die leser sou dus kon aflei dat dit 'n AK-47-masjiengeweer is wat onder die doek is.*
23. Wie is die stuurman van die boot? *Sharky Fortuin is die stuurman van die boot.*
24. Hoekom stel Thomas voor hulle staan met hul rûe na die boot? *Hy wil hê die mans op die boot moet dink hy en Alex het hulle nie gesien nie.*
25. Hoekom dink Alex “iets groters” is aan die gang? *Dit maak nie vir haar sin dat Sharky, 'n gevaarlike bendelid, in die winkel geluister het na Lukas, 'n ongewapende graadagseun, nie.*
26. Wat dink Alex is moontlik aan die gang? *Sy dink Sharky het 'n houvas op Lukas.*
27. Hoekom het Thomas nie vir die ander vriende vertel van die voorval tussen Lukas en die man by die skool nie? *Hy het nie vir sy maats van die voorval vertel nie, omdat Lukas gesê het die man is 'n vriend van sy pa.*
28. Wat het in die water geval? *Alex se Nefertiti-hangertjie het in die water geval.*
29. Hoe kry sy dit terug? *Thomas duik die hangertjie vir haar uit die water uit.*

30. Wat ontdek Thomas tydens sy duikslag? *Hy ontdek iets wat soos klippe voel. Dit is in sakke in 'n gaping tussen die vloer van die poel en die kantmuur.*
31. Wat is dié “klippe”? *Perlemoen*

Hoofstuk 16

Thomas se pa is baie ontsteld en kwaad omdat Thomas die perlemoen uit die grot gehaal het. Alex is oortuig sy pa weet iets wat hulle nie weet nie. Sy is baie geïnteresseerd in die boek wat Thomas oor Kleinkrans gekoop het. Hulle sien 'n foto van die meisie wat Thomas die oggend op die rotse by die grot gesien het en haar ouers. Hulle is in 1909 dood toe hul skip by die grot gestrand het. Thomas nooi vir Lukas om saam met hom en Hannes in die kamer te slaap en die drie ouens sukkel om 'n bed in die kamer in te kry. Thomas word wakker weens 'n harde gekap. Sy vriend word ook wakker. Hulle kom agter dis 'n gehamer aan die deurtjie in die vloer. Die deurtjie breek en 'n hand met 'n hamer kom deur. Hannes ontwapen die hand en die drie vriend stoot die swaar houtkassie oor die deurtjie. Die gekap hou op. Lukas vertel dan vir Thomas en Hannes van Sharky Fortuin. Hy wil nie hê enigiemand moet weet dat hy en sy bende die Janusgrot gebruik om die perlemoen, wat hulle stroop, te stoor nie.

1. Hoe lank, dink Thomas, sal hulle in Kleinkrans moet bly voordat sy pa sal ontspan? *Thomas dink hulle sal drie maande daar moet bly voordat sy pa sal ontspan.*
2. Hoekom, dink Alex, is Thomas se pa so gespanne? *Alex dink Thomas se pa weet iets wat hulle nie weet nie.*
3. Wat het Thomas en Alex uit die getypoel gehaal? *Hulle het 'n sak perlemoen uit die getypoel gehaal.*
4. Hoekom is hulle verbaas dat Thomas se pa kwaad was oor die perlemoen? *Oor die manier waarop Thomas se pa gereageer het. Hulle voel dat hulle nie self die perlemoen gaan duik het nie, hulle het dit net in die getypoel gekry.*
5. Hoekom dink Alex iets vreemds is aan die gang? *Thomas het eers 'n perlemoenmes in Lara se wiegie gekry en nou het hulle perlemoen ontdek. Sy let ook op dat daar gereeld perlemoenstropers in die nuus is.*

6. Waarmee dink Alex het dit alles te doen? *Sy dink dit het iets te doen met die stropers wat deesdae in die nuus is.*
7. Waar is die stropers, volgens Hannes, aktief? *Die stropers is aktief by Hawston en Hermanus, dus nie by Kleinkrans nie.*
8. Wat is Thomas se pa se beroep? *Thomas se pa is 'n advokaat.*
9. Wie word deur Thomas se pa verdedig, volgens Hannes? *Thomas se pa verdedig moordenaars, gangsters (bende-lede), verkragters en al die "gross" mense, sê Hannes.*
10. Hoe reageer Thomas op Hannes se teorie oor sy pa en die mense wat hy verdedig? *Thomas sê Hannes kyk te veel TV.*
11. Hannes vertrek. Waar, dink Thomas, gaan Hannes heen? *Thomas dink Hannes gaan na Rob toe.*
12. Waarin is Alex meer geïnteresseerd as in Rob en Hannes se doen en late? *Alex is geïnteresseerd in die boek oor Kleinkrans wat Thomas vroeër gekoop het.*
13. Alex is opgewonde oor sekere items in die boek. Wat is dit? *Alex raak opgewonde oor die foto's in die boek.*
14. Hoekom is Thomas nie lus om na die foto's te kyk nie? *Dit is foto's van mense wat al lankal dood is.*
15. Wat lees Alex in 'n onderskrif by 'n foto oor skeepsongelukke? *Sy lees dat daar gereeld skepe vergaan het by Kleinkrans en dat die gesin op die foto verdrink het toe hul skip by die Janusgrot gestrand het.*
16. Hoekom herken Thomas die meisie op die foto? *Hy het vroeër vir Bianca op die rotse by die grot gesien en met haar gepraat.*
17. Wat is Bianca se van? *Hope*
18. Wat is Bianca se ouers se name? *James en Margaret.*
19. In watter jaar het Bianca en haar ouers gesterf? *Hulle het in 1909 gesterf.*
20. Hoekom het Lukas sy ma gebel? *Hy wou laat weet dat hy veilig is.*
21. Wie dra die bed na die kelderkamer toe? *Hannes, Lukas en Thomas dra saam die bed na die kelderkamer toe.*
22. Wat vertel Lukas vir Hannes en Thomas? *Hy waarsku vir Hannes en Thomas om op te pas vir Sharky, want hy gaan hulle agtervolg en teister. Hy sê hulle moet uit sy pad bly,*

- omdat hy regtig baie gevaarlik is. Hy weet nie hoe nie, maar hy weet dat Sharky weet van Thomas en Hannes en dat hy gaan moeilikheid soek.*
23. Vir wie, sê Lukas, het hy 'n brief in die Engelsklas geskryf? *Hy sê hy was besig om vir Sharky 'n brief te skryf.*
 24. Watter taal het Lukas in die brief gebruik? *Hy het gangster-taal gebruik.*
 25. Wat het Lukas vir Sharky geskryf in die brief? *Hy het geskryf dat Sharky hom moet uitlos en dat hy nie meer besigheid met hom wil doen nie.*
 26. Hoekom wil Lukas nie nou al vir Thomas en Hannes alles vertel nie? *Hy het genoeg gehad van Sharky vir een dag.*
 27. Hoe kom Thomas-hulle op die internet? *Hannes het sy pa se skootrekenaar saamgesmokkel. Die rekenaar het 'n ingeboude modem en daar is 'n telefoon in die ouens se kamer. Hulle koppel die telefoondraad aan die rekenaar en skakel in op die internet.*
 28. Watter soekenjin gebruik Hannes om inligting oor Sharky in die hande te kry? *Hannes gebruik die Google-soekenjin.*
 29. Hoeveel verwysings na die naam Sharky Fortuin kry Google op die Internet? *Google kry 428 verwysings na die naam Sharky Fortuin op die internet.*
 30. Waar bêre Hannes die rekenaar? *Hy bêre die rekenaar onder sy bed.*
 31. Wat word 'n woord soos Doef-Doef-DOEF! genoem? *Dit is klanknabootsing, of onomatopée.*
 32. Van waar, sê Lukas, kom die geluid? *Dit kom van binne-in die kamer.*
 33. Wat haal Thomas uit die bedkassie voordat hy ondersoek instel? *Hy haal die flits uit wat hy vroeër die dag gekoop het.*
 34. Wat sien Thomas-hulle toe hy die flits op die deurtjie in die vloer skyn? *Hulle sien dat die deurtjie bewe met elke slag.*
 35. Wat gebeur uiteindelik met die deurtjie? *Die deurtjie kraak oop.*
 36. Wat doen Hannes toe die hand deur die gat in die deurtjie verskyn? *Hy stoei die hamer uit die hand uit en begin dan na die hand slaan met die hamer.*

37. Wat doen die seuns volgende? *Hulle stoot die swaar houtkassie oor die deurtjie.*
38. Wat is die Janusgrot vir Sharky Fortuin? *Die Janusgrot is sy werksplek. Hy en sy bende gebruik die grot om die perlemoen, wat hulle gestroop het, in te bêre.*

Hoofstuk 17

Tydens ontbyt is Thomas en sy pa ewe ingedagte. Thomas, Lukas en Hannes het vir sy pa vertel wat in die kamer gebeur het. Hy vertel dan vir hulle hoekom hulle in gevaar is: hy en van sy advokaat-kollegas werk vir die polisie se stropereenheid in Operasie Poseidon. Hulle voorsien die polisie van spesiale regsadvies en het al gehelp om heelwat stropers aan te keer. Sharky en sy bende kan nie bekostig dat hulle in hul pad kom nie. Malan de Wet, Thomas se pa se kollega, het gesê die kans is goed dat hulle dopgehou word en dit sal beter wees as hulle, soos beplan, eers die volgende dag terugry. Die stropereenheid sal uit die Kaap kom en teen die middag in Kleinkrans wees. Vir die res van die dag, stel Thomas se pa voor, moet hulle nie ver van die huis af gaan nie en nie alleen iewers heen gaan nie. Thomas besluit hy wil vir sy vriende die tunnel gaan wys wat van sy kamer af na die Janusgrot lei.

1. Wat eet Thomas-hulle vir ontbyt? *Hulle eet omelette.*
2. Hoekom sukkel Thomas om te eet? *Hy is nie lus vir eet nie, omdat hy dink aan die gevaar waarin hulle is.*
3. Hoekom is Thomas se pa ingedagte? *Hulle het vir hom vertel wat gebeur het in die kamer. Hy het baie vrae gevra en oproepe begin maak. Hy dink dus ook aan die gevaar waarin hulle almal is.*
4. Hoekom ry hulle nie dadelik terug huis toe nie? *Die polisie dink nie hulle moet dadelik ry nie.*
5. Wie is deur Thomas se pa in kennis gestel van wat by die huis aangaan? *Thomas se pa het die stropereenheid in die Kaap in kennis gestel.*
6. Wanneer sal die stropereenheid van die Kaap in Kleinkrans wees? *Hulle sal daardie middag in Kleinkrans wees.*

7. Hoekom dink Malan de Wet Thomas-hulle moet liever in Kleinkrans bly? *Malan reken die kans is goed dat hulle dopgehou word. As die stropers sien dat Thomas-hulle ry, sal hulle dalk ook die hasepad kies.*
8. Wat beteken dit om te verkas? *Dit beteken om te vertrek.*
9. Hoekom word die plaaslike polisie nie in kennis gestel van wat aangaan nie? *Daar is 'n vermoede dat van die plaaslike polisielede betrokke is by die smokkelnetwerk.*
10. Wat word die polisie se veldtog teen perlemoenstropery genoem? *Operasie Poseidon*
11. Hoekom is Thomas-hulle 'n teiken vir Sharky en sy bende? *Thomas se pa en 'n paar van sy kollegas werk vir die polisie deur spesiale regsadvies te voorsien aan Operasie Poseidon. Hulle het al 'n hele klomp stropers vasgetrek. Omdat miljoene rand op die spel is, kan Sharky en sy bende nie bekostig dat die gereg in hul pad kom nie.*
12. Wat moet die vriende doen om veilig te wees op hul laaste dag op Kleinkrans, aldus Thomas se pa? *Hy sê hulle moet nie alleen iewers heen gaan nie en naby die huis bly.*
13. Hoekom is Thomas se pa oortuig Sharky sal nie sommer iets waag nie? *Hy weet Sharky is nie dom nie.*
14. Wat wil Thomas vir sy vriende gaan wys? *Hy wil vir hulle die tunnel gaan wys wat van hul kamer na die Janusgrot lei.*

Hoofstuk 18

Thomas gaan wys vir sy vriende die tunnel wat van sy kamer na die Janusgrot lei. Hannes is baie beïndruk met die tunnel en die swembad in die see. Lukas en Thomas swem 'n paar lengtes en Hannes en Alex klim uit en gaan sit op 'n rots. Dan sien Lukas 'n rubberboot wat na die grot op pad is en almal gryp hul goed en begin vlug. Hannes besluit egter hy wil die ouens sien en sien wat hulle doen. Thomas, Lukas en Alex bly by hom en hoor hoe Sharky dreig dat hy vir Lukas 'n afspraak met Shirley, sy rewolwer, gaan reël. Die bende bespreek hul plan van aksie en Sharky maak 'n geheime kompartement in die rotswand oop. Hy haal 'n swart sportsak uit en sit dit neer. Terwyl die bende uit die grot gaan om hul gereedskap in die boot te gaan haal, glip Thomas in die grot in om die sportsak te gaan haal. Een van die ouens kom terug grot

toe om die sak te kom kry, maar Bianca verskyn op die rots en keer hom voor. Die man gaap haar oopmond aan en Thomas het kans om terug te sluip na die tunnel.

1. Wat dink Hannes van die tunnel? *Hannes dink dis die coolste ding wat hy nog ooit gesien het.*
2. Wat sê Alex is die grilligerige goed teen die mure van die grot? *Alex sê dis swamme wat daar groei weens die klammigheid.*
3. Hoe kan hulle sien waarheen hulle gaan? *Thomas het 'n flits en almal volg die lig.*
4. Wat noem Hannes die getypoel? *Hy noem dit 'n swembad in die middel van die see.*
5. Hoekom stel Lukas voor dat hulle 'n paar lengtes moet swem? *Hy dink nie hulle gaan by die swemkompetisie uitkom met al die drama die naweek nie.*
6. Wie swem lengtes saam met Lukas? *Thomas swem lengtes saam met Lukas.*
7. Waar gaan sit Alex en Hannes? *Alex en Hannes gaan sit op een van die rotse.*
8. Wanneer kom Thabo Kleinkrans toe? *Later die middag.*
9. Hoe gaan Thabo op Kleinkrans kom? *Sy pa gaan hom bring.*
10. Wat is "cold turkey"? *Dit is 'n metode om 'n verslawing te bowe te kom. Dit is wanneer 'n verslaafde die verslawende middel eensklaps los en nie weer gebruik nie. Dit kan lei tot erge onttrekkingsimptome.*
11. Wat bedoel Hannes as hy sê hy gaan "cold turkey" kry omdat hy so lanklaas 'n rekenaarspeletjie gespeel het? *Hy bedoel hy is verslaaf aan rekenaarspeletjies en hy gaan onttrekking-simptome kry.*
12. Wat sien Lukas, wat hy met 'n bewende vinger vir Thomas uitwys? *'n Rubberboot wat vinnig op pad is na hulle toe.*
13. Hoekom hardloop hulle so vinnig weg? *Hulle herken die boot en sien vir Sharky Fortuin. Hulle wil weggom voordat hy hulle sien.*
14. Hoekom draai Hannes om terwyl die ander probeer weggom? *Hy wil gaan kyk wat Sharky-hulle doen en hoe hulle lyk.*

15. Hoekom wys Thomas na sy agterkop toe Hannes vra wie die Haai-ou is? *Sharky het 'n poniestert en Thomas probeer vir Hannes 'n teken gee. Hy wil nie praat nie, want hy wil nie hê die bende moet hulle hoor nie.*
16. Wanneer wil Sharky hê hy en sy bende moet weg wees? *Hy wil hê hulle moet teen middagete weg wees.*
17. Hoekom wil hy so vinnig wegkom? *Hy weet Thomas se pa weet wat aangaan.*
18. Wat bedoel die bendelid toe hy vra of hulle die kinders gaan "eliminate"? *Hy vra of hulle die kinders gaan doodmaak.*
19. Wie of wat is Shirley? *Shirley is Sharky se rewolwer.*
20. Wat is Lukas se van? *Barnard*
21. Wat is Sharky-hulle se plan van aksie? *Hulle gaan die perlemoen uit die grot haal en in 'n ou Opel pak en ry.*
22. Hoekom wil Sharky nie hê hulle moet die perlemoen in sy bakkie pak nie? *Hy sê bakkies word altyd eerste gestop by padblokkades.*
23. Wat haal Sharky uit die geheime kompartement in die rots? *Hy haal 'n swart sportsak uit.*
24. Hoekom gaan Thomas by die grot in? *Hy wil die sportsak kry terwyl Sharky-hulle by die boot is.*
25. Wie keer dat die bende vir Thomas in die grot betrap?
Bianca

Hoofstuk 19

Thomas en sy vriende is terug in sy kamer en praat oor wat pas in die grot gebeur het. Hy vertel vir hulle dat hy nie in gevaar was nie, omdat Bianca die man besig gehou het voordat hy hom kon betrap in die grot. Sy vriende kon haar nie hoor of sien nie. Hulle het net gesien hoe Thomas die sak gryp, vries en toe terugloop na die tunnel toe. Thomas weet nie hoe om hulle te oortuig nie. Dan maak hulle die sak oop en sien dit is propvol pakkies wat elkeen omtrent vyftig R200-note bevat. Hannes dink Sharky gaan woedend wees as hy agterkom die geld is weg. Thomas dink Sharky sal sy geld kom soek. Lukas stem saam met Thomas, want hy het self ook nog van Sharky se geld.

1. Wat beteken “Amper is jy in ’n kis terug Kaapstad toe!”? *Dit beteken die persoon was amper dood – hy sou dus in ’n doodskis vervoer word.*
2. Hoekom skuif Thomas en Lukas weer die houtkassie oor die deurtjie in die vloer? *Hulle weet Sharky-hulle is naby en hulle doen dit vir veiligheid.*
3. Wat is die Titanic? *Die Titanic is ’n skip wat in 1912 ’n ysberg getref het op haar nooiensvaart en gesink het.*
4. Hoekom het Alex, Lukas en Hannes nie gehoor of gesien dat Bianca daar was nie? *Bianca is ’n spook en nie almal kan spoke sien nie.*
5. Wie was dit wat Thomas se vriende hoor praat het? *Hulle kon die bendelede hoor praat.*
6. Beskryf Thomas se vreemde optrede uit Thomas se vriende se perspektief. *Hulle het gesien hoe Thomas die sak gryp, vries en toe terugloop na die tunnel toe.*
7. Hoekom kyk Thomas verslae na Alex? *Hy is moedeloos omdat hy weet wat hy gesien het en hy kan nie glo sy het dit nie ook gesien of gehoor nie. Hy weet nie hoe om haar te oortuig nie.*
8. Wat is in die sportsak wat Thomas in die grot gegryp het? *Daar is geld in die sak.*
9. Hoe is die geld verpak? *Die geld is in oranje papiersakkies verpak met vyftig R200-note in elke pakkie.*
10. Hoe dink Hannes gaan Sharky reageer as hy agterkom die geld is weg? *Hannes dink Sharky gaan baie, baie kwaad wees.*
11. Hoe dink Thomas gaan Sharky reageer as hy agterkom die geld is weg? *Thomas dink nie Sharky gaan net woedend wees nie. Hy dink hy sal sy geld gaan soek.*
12. Wie het nog van Sharky se geld? *Lukas het ook van Sharky se geld.*
13. Wat het Thomas in sy sak? *Hy het die sakkie wat Thabo se ouma vir hom gegee het.*
14. Hoekom vat Thomas die sakkie styf vas? *Die inhoud sal hom, volgens Thabo se ouma, beskerm teen gevaar en hy het nou baie beskerming nodig.*

Hoofstuk 20

Thomas en sy vriende is by die huis waar twee polisiemanne hulle oppas, maar die een polisieman het “verdwyn”. Thabo het intussen in Kleinkrans aangekom en hy het ’n bordspeletjie saamgebring. Hulle begin speel, maar die gesprek lei vinnig tot ’n bespreking oor die skeepsongelukke aan die suidkus. Alex vertel van die Bismarck wat op pad was Durban toe en by Kleinkrans gestrand het in 1909. Drie mense het na bewering die ramp oorleef, maar is vasgekeer in die Janusgrot waar hul geraamtes in die 1920’s ontdek is. Hannes vertel van die Birkenhead wat naby Hermanus gesink het. En dan word hulle onderbreek deur die geluid van brekende glas. Voor iemand iets kan sê, gaan al die ligte af en dis stikdonker.

1. Wat het Thomas gedrink? *Thomas het ’n bottel Coke gedrink.*
2. Vir wie blameer Thomas vir die drama van die naweek? Hoekom? *Thomas blameer sy pa omdat hy “heeldag met kroeks rondhang”.*
3. Wie vra vir Thomas waarheen hy op pad is? *Dit is ’n polisie-man wat vra waarheen hy op pad is.*
4. Saam met wie is sy pa-hulle by die huis weg? *Sy pa-hulle is saam met die stropereenheid weg.*
5. Vertaal “passion killer”. *Passiedoder*
6. Wie het intussen in Kleinkrans aangekom? *Thabo het daar aangekom.*
7. By wie, stel Alex voor, moet Thomas gaan inloer? *Sy stel voor Thomas gaan kyk of alles reg is met Lara.*
8. Hoekom wil Alex nie gaan inloer by Lara nie? *Sy is ’n enigste kind en sê sy los babas uit en hulle vir haar.*
9. Wat het Thabo saamgebring Kleinkrans toe? *Hy het 30 Seconds saamgebring.*
10. Wat is 30 Seconds? *30 Seconds is ’n Suid-Afrikaanse bordspeletjie.*
11. Wat noem ’n mens ’n uitdrukking soos 30 Seconds se “The quick thinking fast talking game”? *Dit is ’n slagspreuk.*
12. Wat doen die polisieman? *Hy lees die koerant.*

13. Hoekom is Thabo beïndruk met Thomas? *Hy is 'n advokaat se seun wat deur die polisie beskerm word. Thabo dink dit is baie soos Hollywood en dat dit klink soos iets uit 'n Harrison Ford-fliek.*
14. Hoekom wil Thomas nie hê Hannes en Alex moet in dieselfde span wees nie? *Hy dink hulle sal te ver wen as hulle saam in 'n span is.*
15. Hoeveel punte kry Thomas en Alex se span in die eerste rondte? *Hulle kry vier uit vyf.*
16. Wie is Anna Karenina? *Sy is die hoofkarakter in 'n Tolstoi-boek wat selfmoord gepleeg het deur voor 'n trein in te spring.*
17. Watter metodes van selfmoord verkies vrouens, volgens Hannes? *Hannes sê hulle spring voor 'n trein in, loop die see in of druk hul koppe in oonde.*
18. Watter Afrikaans digter het selfmoord gepleeg deur in die see in te loop? *Ingrid Jonker*
19. Waarheen was die Bismarck op pad toe dit by Kleinkrans gestrand het? *Die Bismarck was op pad Durban toe.*
20. Hoe is die mense aanboord die Bismarck dood? *Hulle is deur die branders teen die rotse verpletter.*
21. Wanneer is die drie geraamtes in die Janusgrot gevind? *Die drie geraamtes is in die 1920's in die grot gevind.*
22. Wat was die Birkenhead? *Dit was 'n massiewe skip wat naby Hermanus gesink het.*
23. Wie het 'n gedig oor die Birkenhead geskryf? *D.J. Opperman*
24. Hoekom kyk die vier vriende skielik geskok na mekaar? *Hulle hoor die geluid van brekende glas.*
25. Wat gebeur voordat hulle iets kan sê? *Dit raak stikdonker om hulle.*

Hoofstuk 21

Die vriende kom agter dat die polisiemanne, wat hulle moet oppas, weg is. Hannes stel voor hulle kruip weg in hulle slaapkamer, maar Thomas is bang iemand kon deur die tunnel kom. Thabo stel voor hulle gebruik Thomas se pa se motor om weg te kom. Thomas vra eers vir Alex om sy pa-hulle te bel en stuur dan sy

vriende om solank in die motor te gaan wag terwyl hy die sleutels in sy pa se kamer gaan soek. Wanneer hy daar is, hoor hy twee stelle voetstappe die trappe opklim. Hy het vir Lara by hom en is bang sy begin huil. Hulle gaan skuil eers in die badkamer en dan glip Thomas weer by Lara se kamer in. Daar is nie juis iets wat hy as wapen kan gebruik nie, maar hy vat 'n bottel babaolie. Toe die mans hom trap-af volg, spuit hy die olie op die trappe en hoor hoe hulle val. Sharky is nie so erg beseer dat hy hom nie kan inhaal nie en dreig hom met 'n rewolwer. Hy dink dit sal nou 'n baie goeie tyd wees vir sy pa-hulle om op te daag. Gelukkig kom Thabo en die res net betyds in die motor daar aan en Thomas kom weg en spring in die motor.

1. Hoekom sê Thomas vir sy vriende om doodstil te sit? *Hy weet die polisieman sal gaan kyk wat aangaan.*
2. Wat merk Hannes op? *Hy dink nie die polisieman is meer daar nie.*
3. Watter waarneming maak Lukas? *Lukas sê die huis is te stil en die polisieman sou iets kom sê het of hulle sou hom kon hoor as hy nog in die huis was.*
4. Wat wil Thomas hê moet Alex doen? *Thomas wil hê Alex moet sy pa bel en sê hulle moet na die huis toe kom.*
5. Wie wil Thomas hê moet saam met hom gaan? *Hy wil hê Lukas moet saam met hom gaan.*
6. Wat wil Thomas saam met Lukas gaan doen? *Hy wil vir Lara gaan haal.*
7. Waar is Lara? *Lara lê en slaap op die boonste verdieping van die huis.*
8. Hoekom is daar meer lig in Lara se kamer as op die trappe? *Die volmaan skyn by die kamervenster in.*
9. Hoe weet Lukas dat dit nie 'n kragonderbreking is wat die ligte laat afgaan het in die huis nie? *Die buiteligte brand nog.*
10. Wat sien Lukas toe hy by die venster uitkyk? *Lukas sien Sharky se beige Opel.*
11. Thomas begin beseef dat dit Sharky is wat die perlemoenmes in Lara se wiegie gesit het. Hoekom sou Sharky dit doen? *Hy dink Sharky het die perlemoenmes in Lara se wiegie gesit om sy pa-hulle bang te maak deur te wys hy*

- weet waar hulle woon en te wys hy kan helder oordag by hulle huis in- en uitkom sonder dat hulle hom sien.*
12. Waar is die polisiemanne wat vir Thomas-hulle moet oppas? *Hulle weet nie, die polisiemanne is albei weg.*
 13. Het Alex met Thomas se pa gepraat? *Ja. Hulle is op pad terug na die huis toe.*
 14. Hannes stel voor dat hulle wegkruip tot Thomas se pa-hulle terugkom. Waar wil hy wegkruip? *Hy stel voor hulle kruip weg in die seuns se slaapkamer.*
 15. Hoekom dink Thomas nie dit is 'n goeie voorstel nie? *Hulle weet nie of iemand dalk deur die tunnel gekom het nie.*
 16. Wat stel Thabo voor? *Hy stel voor hulle gebruik Thomas se pa se motor om weg te kom.*
 17. Wat hoor Thomas terwyl hy na die motorsleutels soek in sy pa-hulle se kamer? *Hy hoor iemand by die trappe oploop.*
 18. Waar gaan kruip hy met Lara weg? *Hy gaan kruip in die badkamer weg.*
 19. Hoeveel stelle voetstappe hoor hy? *Hy hoor twee stelle voetstappe.*
 20. Hoekom vryf Thomas oor Lara se ruggie? *Hy probeer keer dat sy begin huil, want as sy nou begin huil, gaan Sharky en sy makker weet hulle is daar.*
 21. Hoekom bly Thomas nie in die badkamer nie? *Hy kan te maklik vasgekeer word in die badkamer.*
 22. Wat doen Sharky en die ander man in Thomas se pa-hulle se kamer? *Hulle soek deur die kaste en kyk onder die bed.*
 23. Wat doen Thomas met die bottel babaoïe? *Hy spuit dit op die trappe nadat hy by die trappe af is sodat die mans op die trappe sal gly.*
 24. Wie hardloop agter Thomas aan? *Sharky.*
 25. Hoekom hardloop Sharky hinkpink? *Hy het by die trappe afeval.*
 26. Wat bid Thomas? *Thomas bid dat die koeël hom tref en nie vir Lara nie.*
 27. Wie bestuur Thomas se pa se viertrekvoertuig? *Thabo bestuur die voertuig.*
 28. Hoe kom Thomas weg van Sharky af? *Hy skop hom baie hard tussen die bene en hardloop dan na die motor.*

Hoofstuk 22

Thomas het klaar met Malan de Wet gepraat oor die aand se gebeure en sy vriende is in die kombuis. Hannes kom versigtig met Thomas praat waar hy op die rusbank sit en herstel. Rob roep hom kombuis toe en Thomas sug. Die volgende oomblik staan almal voor hom staan en sing vir hom! Dis net ná middernag en sy verjaardag het begin. Alex gee vir hom 'n present van al die vriende: *Tremendous Thomas*, 'n aksierekenaarspeletjie waarin hy die held is. Almal het saamgewerk en Rob het 'n handjie bygesit met die grafika en die omslagontwerp.

Die waarheid kom ook uit oor Lukas se bedrywighede: hy het perlemoen geduik vir Sharky-hulle, maar toe hy wou ophou, het Sharky hom begin dreig. Hy sal nou onder polisiebewaking wees omdat die polisie nie 'n kans wil waag met sy veiligheid nie. Thomas se pa kondig aan dat hy die volgende dag vir meneer Volschenk gaan bel en sê die vriende sal op die vroegste Woensdag teruggaan skool toe.

1. Wie het allerlei vrae aan Thomas gevra kort ná die gebeure met Sharky-hulle? *Malan de Wet het die vrae gevra.*
2. Watter grootse taak het Thomas en sy vriende reggekry – iets waarmee die polisie gesukkel het? *Hulle het vir Sharky en sy bende vasgetrek.*
3. Hoekom vermy die mense van Kleinkrans die Janusgrot die afgelope twee jaar? *Hulle vermy die grot omdat hulle bang is vir Sharky Fortuin en sy bende.*
4. Waar wag sy vriende vir hom? *Hulle wag in die kombuis.*
5. Wat doen Louisa? *Sy is besig om vir hulle kos te maak.*
6. Hoekom is Lukas nie meer daar nie? *Hy is saam met die polisie weg omdat hy vir Sharky-hulle perlemoen geduik het en baie inligting het oor die bende se stropery.*
7. Hoekom sal die polisie vir Lukas onder veilige bewaring plaas? *Hy het doodsdreigemente van Sharky gekry toe hy wou ophou perlemoen duik. Al het die polisie vir Sharky gevang, kan hulle nie seker wees dat hulle al die ouens gevang het wat saam met hom werk nie en hulle kan nie die kans waag om aan te neem dat Lukas veilig is nie.*

8. Waar was die twee polisiemanne wat vir Thomas-hulle moes oppas? *Die een is 'n lid van Sharky se bende en het dus saam met hom gewerk; die ander een was bewusteloos in Thomas se kamer.*
9. Waar het Thabo die motorsleutels gekry? *Hy het die sleutels op die kombuistafel gekry.*
10. Hoekom staan almal vir Thomas en sing? *Hulle staan en sing vir Thomas omdat dit sy verjaardag is.*
11. Hoe laat is dit? *Dit is net ná middernag.*
12. Wat gee sy vriende hom present? *Hulle gee vir hom 'n rekenaarspeletjie met die naam Tremendous Thomas. Dit is 'n aksiespeletjie waarin hy die held is.*
13. Wie se idee was die geskenk? *Dit was Alex se idee.*
14. Wie het die storie van die speletjie geskryf? *Alex het die storie van die speletjie geskryf.*
15. Wie het die speletjie ontwerp? *Thabo en Hannes het die speletjie ontwerp.*
16. Wie het hulle met die grafika gehelp? *Rob het hulle met die grafika gehelp.*
17. Hoekom gaan hulle nie meer vroeg terug Kaapstad toe nie? *Die skelms is gevang en hulle kan nog 'n bietjie in vrede kuier op Kleinkrans.*
18. Vir wie gaan Thomas se pa die volgende dag bel en hoekom? *Thomas se pa gaan vir meneer Volschenk bel om te sê Thomas en sy vriende sal op die vroegste eers Woensdag terug wees by die skool.*
19. By wie het Hannes gehoor van die spoke in die Janusgrot? *Hannes het by Thomas se pa gehoor van die spoke in die Janusgrot.*
20. Waar het Thomas se pa gehoor van die spoke in die Janusgrot? *Thomas se pa het by die eienaar van die huis gehoor van die spoke in die Janusgrot.*

Intrige, karakter, verteller, tyd en plek

Die volgende vrae is op 'n effens hoër vlak, maar u sou self kan besluit watter van hierdie vrae relevant vir u klaskamer is, al dan nie.

Leeruitkomst en assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leer-uitkomst	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 2	<p>Pas interaksievaardighede en -strategieë in groepsituasies toe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volg konvensies vir gepaste interaksie tydens groepwerk; • Gee gebalanseerde en opbouende terugvoering; • Toon sensitiwiteit vir kultuur- en sosiale verskille (soos: bevestig en inkorporeer diverse taal, ervaringe, voorbeelde); • Gebruik diplomatieuse taal in potensiele konfliktsituasies.
	LU 3	<p>Lees 'n verskeidenheid fiksie- en nie-fiksietekste vir verskillende doeleindes (soos tydskrifte, gedigte, romans, kort toneelstukke, koerante, handboeke):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop en stil en pas leesstrategieë volgens die doel en gehoor aan; • Gebruik gepaste lees- en begripstrategieë (vluglees en soeklees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleidings, die nagaan van begrip, ens.). <p>Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer:</p>

		<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering; • Bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geposisioneer word (soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter? Hoe voel jy oor die hoofkarakter(s)? Is jy simpatiek of krities? Hoe kry die skrywer dit reg om jou so te laat voel?).
		<p>Verstaan en gebruik informatiewe tekste gepas:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Som hoof- en ondersteunende gedagtes op; • Kies en teken relevante inligting op 'n gepaste manier op; • Volg redelik komplekse instruksies en aanwysings sonder enige hulp.
		<p>Identifiseer en bespreek kulturele en sosiale waardes in tekste krities:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer die skrywer se bedoelde en onbedoelde verskuilde boodskappe; • Identifiseer verskillende perspektiewe binne 'n ingewikkelder teks en gee eie perspektief gebaseer op bewyse uit die teks; • Ontleed die uitwerking van stereotipering, partydigheid en vooroordeel en bespreek

		<p>hoe dit bevraagteken en verander kan word en gee eie, gemotiveerde mening.</p> <p>Verstaan stories (aan leerders vertel of gelees):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beantwoord letterlike vrae; • Teken relevante inligting op (soos om 'n tabel in te vul); • Reageer persoonlik; • Bring die storie in verband met haar/sy eie lewe; • Bespreek etiese, sosiale en kritieke kwessies, soos: Watter soort persoon is die held? Hoe tree hy/sy op? Is hy/sy realisties of gestereotipeer voorgestel? (wissel tussen huis- en addisionele taal, indien nodig); • Stel 'n alternatiewe slot vir die storie voor (wissel kodes, indien nodig); • Vertel 'n storie oor; • Som 'n storie op.
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	LU 1	<p>Voer interaksie in sy/haar addisionele taal:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stel en beantwoord vrae; • Voer 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp; • Lug mening en gee redes daarvoor; • Druk gevoelens uit.
	LU 2	<p>Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van die elemente van stories:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Titel, ruimte/agtergrond en intrige (soos: vertel waarom sekere gebeure op daardie

		manier in 'n storie gebeur);
LU 3		<p>Begryp karakters (soos: beskryf hoe 'n karakter voel en gesels oor moontlike redes vir hul optrede):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer en bespreek sosiale en etiese vraagstukke in 'n storie (soos: Is die storie regverdig?); • Let op hoe karakters en intrige aangebied word om 'n spesifieke wêreldbeskouing uit te beeld. (Soos: Word mense van verskillende rasse en/of kulture stereotipes uitgebeeld, of word hul diversiteit realisties oorgedra?); • Stel alternatiewe maniere voor om karakters en hul optrede uit te beeld. <p>Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas kennis van taalstrukture toe (soos grammatika, spelling, punktuasie, grammatikale verskille tussen huis- en adisionele taal) om eie en ander se werk te redigeer; • Gebruik taalhulpmiddele (soos 'n woordeboek).
LU 4		<p>Verstaan die skryfproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf konsepweergawes (kladwerk), lees dit krities deur, kry terugvoering van die onderwyser en klasmaats en herskryf dit; • Verstaan die verskil tussen:

		<ul style="list-style-type: none"> – herskryf (verander inhoud en struktuur), en – redigering (maak foute reg); • Redigeer eie skryfwerk.
--	--	--

I. Karakters (makliker vrae)

Baie van die volgende vrae is reeds aangespreek in die vorige afdeling. In dié geval word daar egter met die hele boek gewerk en nie bloot met hoofstukke in die teks nie.

Moontlike vrae aan die leerders oor die karakters

1. Wie is die hoofkarakter in *Thomas@Aqua.net*? *Thomas*.
2. Watter karakters is goeie vriende met hoofkarakter? *Alex, Hannes, Thabo en Lukas*.
3. Watter karakters wil die hoofkarakter seermaak? *Sharky en sy bende*.
4. Dink julle Bianca is “gestuur” om vir Thomas uit die moeilikheid te hou? *Net Thomas kan haar sien – tot op die punt waar hy en sy vriende in die moeilikheid is, dan sien die bende haar ook. Sy is egter dood, so ... wat dink die leerders?*
5. Dink julle die sakkie kruie wat Thabo se ouma vir Thomas gee, het dalk iets met Bianca te doen? Hoe so? *Eie antwoorde. Ons dink nogal so. Sien ook die opmerking by vraag 4. Dit wil voorkom asof Thomas beskerm word deur groter magte. (Bianca is amper ’n tipe beskermengel.)*

II. Karakters (moeiliker vrae)

Iets om met die klas te deel

Protagonis

Die hoofkarakter in ’n verhaal of drama. Die verhaal wentel om haar/hom. Daar kan ook meer as een karakter wees wat dié rol vervul.

Antagonis

Die teenspeler wat die hoofkarakter of hoofspeler teenstaan.

Konflik

Die botsing tussen karakters.

Stereotipe

'n Oorvereenvoudigde idee van 'n persoon of groep mense.

Geloofwaardigheid

Nie alle karakters hoef geloofwaardig te wees nie, tog verkies mense dat karakters geloofwaardig moet optree. Iemand sal byvoorbeeld kyk na die fliek *Babe* en dan beweer dat dit nie geloofwaardig is dat die varkie skape kan aanjaag nie. Tog vergeet hulle dat die varkie praat!

Hoe ook al. Lesers voel dikwels dat sommige karakters baie soos “gewone mense” voorkom, maar dat ander se aksies of dialoog glad nie pas by dit wat in die “ware lewe” sal gebeur nie. Geloofwaardigheid het dus te doen met mense se persepsies oor karakters en die situasies waarin hulle hulself bevind.

1. Is daar 'n duidelike protagonis in *Thomas@aqua.net*? *Thomas is, ja.*
2. Is daar 'n antagonis in *Thomas@aqua.net*? *Sharky*
3. Dink julle Thomas en sy maats is geloofwaardig? *Eie antwoorde. Laat die leerders redes gee vir hul antwoorde.*
4. Kyk mooi hoe Sharky beskryf word – sy poniestert is byvoorbeeld vreeslik olierig. Dink julle Sharky word gestereotipeer, of nie? Verduidelik. *Eie antwoorde. Laat die leerders redes gee vir hul antwoorde.*
5. Kyk hoe Rob beskryf word. Dink julle dat sy karakter moontlik 'n verrassing inhou? Hoe so? *Eie antwoorde. Let op dat Rob aanvanklik lyk of hy Hannes ten kwade wil beïnvloed, dan kom ons agter dat hulle eintlik saamgewerk het aan die speletjie.*
6. Bespreek die rolle van Thabo se ouma en Bianca en verduidelik waarom die bonatuurlike karakters werk in hierdie roman, of dalk nie. *Eie antwoorde. Sien asseblief ons opmerkings by vrae 4 en 5 in die antwoorde van die makliker vrae oor die karakters hierbo.*

III. Die ruimte


Die ruimte is meer as 'n fisiese plek, dit berei ons ook voor op 'n emosionele omgewing.

Moontlike vrae oor die ruimte

1. Dit is belangrik om op te let hoe die karakters *voel* oor die verskillende ruimtes, want die ruimte kan ook 'n “emosionele plek” wees. Dink julle die skool is 'n lekker of 'n slegte ruimte vir Thomas? Verduidelik deur te verwys na 'n paar voorbeelde uit die eerste deel van die boek. *Eie antwoorde. Laat die leerders na hoofstukke 1 en 7 blaai om voorbeelde te kry. Vir ons lyk dit of Thomas meer van die strand hou.*
2. Waarom klink Kleinkrans aanvanklik of dit baie lekker kan wees? *Dis 'n vakansieplek, dis ver van die skool af en Thomas gaan daar wees saam met sy vriende.*
4. Kleinkrans word toe uiteindelik 'n baie gevaarlike ruimte. Hoe so? *Die hoofkarakters en die skurke word hier in een baie klein ruimte saamgegooi.*
5. Sou die verhaal anders wees as Thomas-hulle in 'n baie moderne huis met elektriese heinings en alarmstelsels gebly het in Kleinkrans? *Eie antwoorde. Dit klink tog so – Sharky-hulle sou moeiliker toegang kry tot die huis.*
6. In hoofstuk 7 word *The Giver* met die klas behandel. *The Giver* handel oor 'n skynbaar utopiese omgewing waarin daar geen misdaad en geen geweld is nie. Die skyn bedrieg egter, soos die hoofkarakter in *The Giver* sal agterkom. Dink julle dat daar 'n ooreenkoms is tussen die ruimte wat beskryf word in *The Giver* en Skuilkrans? Verduidelik waarom julle so sê.

IV. Die intrige (vir ietwat ouer leerders)

Graadagt- en -negeleerders wat Eerste Addisionele Taal neem, sal hierdie oefening waarskynlik kan doen, want hulle moet dit net aanpas uit hul eie huistaalwerk. Ons beveel dit nie vir die graadviers en -vyfs aan nie!



Moontlike vrae oor die intrige

1. Dink julle dat *Thomas@Aqua.net* se intrige soos hierdie kurwe lyk, of nie? Hoekom sê julle so? *Eie antwoorde. Dit lyk tog so: Ons leer die karakters ken, lees reeds van Sharky in hoofstuk 2, en kom al hoe meer agter dat dinge lekker rof kan raak!*
2. Waar dink julle was die klimaks in die verhaal? *Ons vermoed dis net daar waar Sharky vir Thomas begin jaag deur die donker huis.*

I. Skryfopdragte

Nommer 1 hieronder is gerig op alle leerders. Die ander opdragte sal waarskynlik makliker wees vir 'n ietwat ouer leerder. U sou vir die ouer leerder twee opdragte gelyk kon gee: Nommer 1 as 'n verpligte opdrag en dan sou hulle kon kies of hulle nommer 2 of nommer 3 wil aanpak.

1. Skryf 'n SMS

Skryf 'n SMS van Alex aan Lilian om haar kortliks in te lig wat gebeur het in Kleinkrans.

2. Skryf 'n dagboek, 'n blog of 'n e-pos

- a) Baie mense hou 'n dagboek waarin hulle skryf wat met hulle gebeur. Deesdae doen heelwat mense dit elektronies. Hierdie elektroniese dagboeke word weblogs, of sommer blogs, genoem. Skryf 'n dagboekinskrywing, of 'n blog, oor die gebeure by Kleinkrans, asof jy een van die volgende karakters is: Thomas, Alex, Hannes, Rob, Carla.

of

- b) Skryf 'n e-pos van Alex aan Lilian om vir haar te vertel wat gebeur het in Kleinkrans.

3. Skryf 'n koerantberig

- a) In hoofstuk 2 lees Thomas 'n koerantberig oor Sharky Fortuin. Skryf daardie berig. (Onthou, dis reg aan die begin van die boek.)

of

- b) Nadat Sharky-hulle gevang is, sal daar beslis nog 'n berig verskyn. Skryf hierdie berig.

II. Mondelingopdragte

Hier volg 'n aantal opdragte wat u sou kon gebruik as 'n mondeling vir u klas. Ons beveel aan dat een, of hoogstens twee, van hierdie opdragte gedoen word, aangesien dit tydwendend en onnodig herhalend kan word as u meer sou doen.

1. Skryf 'n dialoog

- a) Verdeel in pare. Kies een van die volgende dialoë en voer dit in die klas op:
- i. Thomas en sy pa gesels by die motor voordat hulle Kleinkrans toe ry
 - ii. Thomas en sy pa praat in sy kamer op Kleinkrans nadat hy en sy vriende begin stry kry het.
 - iii. Thomas praat met Alex nadat hy bedaar het (nadat hy aanvanklik vies was omdat sy en Lukas tussen die rotse gesit en praat het).
 - iv. Lukas gesels met die persoon wat hom langs die pad op pad Kleinkrans toe opgelaai het.
 - v. Thomas se pa bel die skoolhoof om te sê die vriende kom eers Woensdag, of later, terug skool toe.
 - vi. Die polisie-inspekteur ondervra Thomas oor die aand se gebeure.

of

- b) Verdeel in groepies van drie, skryf die volgende dialoog en voer dit in die klas op: Skryf die gesprek tussen Alex, Hannes en Thabo terwyl Thomas met die polisie-inspekteur praat.

2. Hou 'n klasbespreking

Wat dink julle van Thomas se pa se besluit om Thomas en sy vriende Kleinkrans toe te neem? Dink julle dit was onverantwoordelik? Het hy opsetlik sy kinders en hul vriende in gevaar gestel? Wou hy dalk die nuuskierige tieners gebruik as aas om die smokkelaars te lok?

3. Hou 'n skynhofspraak in die klas

- a) Stel die volgende posisies aan:
- i. regter
 - ii. balju van die hof
 - iii. advokaat van die verdediging
 - iv. aanklaer
- b) Berei die volgende getuies voor om te kom getuig (daar kan meer ook wees):
- i. polisie-inspekteur
 - ii. Thomas
 - iii. Alex
 - iv. Hannes
 - v. Lukas
 - vi. Thabo
 - vii. Thomas se pa
 - viii. Louisa
- c) Gaan die beskuldigdes getuig? Vra hul advokaat of Sharky en sy bende bereid gaan wees om hulle kant van die saak te stel.

Gebruik die inligting uit die boek as 'n grondslag vir argumente en vir die vrae om aan die aangeklaagdes en getuies te stel. Die regter moet 'n uitspraak lewer aan die einde van die saak en die klas moet stem oor die straf – indien van toepassing.

(Nota bene: Hierdie speletjies mag gefotostateer word vir elke leerder wat 'n kopie van Thomas@aqua.net het.)

I. Letterdoolhof

Beantwoord die volgende vrae en vind dan die antwoorde in die letterdoolhof. Onthou die woorde kan agterstevoor, onderstebo, diagonaal, vertikaal of horisontaal verskuil wees.

1. Wat is die hoofkarakter se naam? *Thomas*
2. Wat is sy van? *Steyn*
3. Wie is sy beste vriend? *Hannes*
4. Wat is sy van? *Le Roux*
5. Wat is sy pa se naam? *Francois*
6. Wat is sy ma se naam? *Leatitia*
7. Wie is die hoofkarakter se stiefma? *Louisa*
8. Wat is die hoofkarakter se pa se naam? *Johan*
9. Wat is sy pa se beroep? *Advokaat*
10. Wie is die meisie op wie die hoofkarakter verlief is? *Alex*
11. Wie werk saam met hierdie meisie by 'n skuiling? *Lilian*
12. Wie is die hoofkarakter se swemmaat? *Lukas*
13. Wie is die perlemoensmokkelaar? *Sharky*
14. Wat is sy van? *Fortuin*
15. Wie is die hoofkarakter se babasussie? *Lara*
16. Wie is die hoofkarakter se buurman? *Thabo*
17. Wie is die natuurwetenskappe-onderwyser? *Bosman*
18. Die man se van is De Wet. Sy naam is? *Malan*
19. Watter Egiptiese koningin is afgebeeld op die hangertjie wat Alex dra? *Nefertiti*
20. Wat is die hoofkarakter se kat se naam? *Cleo*

Die speletjie


T	A	S	H	A	R	K	Y	J	K	L	F	M	N	O	L
H	B	D	E	F	G	H	I	U	T	S	R	R	Q	P	U
O	B	O	S	M	A	N	V	W	X	Y	A	Z	A	B	K
M	O	N	M	L	K	J	I	H	G	F	N	E	D	C	A
A	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z	C	A	B	C	S
S	T	E	Y	N	H	G	L	A	R	A	O	F	E	D	O
I	J	K	L	M	N	O	P	Q	R	S	I	T	U	V	I
H	A	N	N	E	S	A	B	C	D	E	S	F	G	W	S
Q	O	B	A	H	T	N	M	L	K	J	I	J	H	X	Y
R	T	U	V	W	X	Y	Z	A	S	I	U	O	L	Z	N
S	X	E	L	A	A	B	C	E	K	L	M	H	N	T	E
M	A	L	A	N	D	E	W	E	T	V	W	A	X	Y	F
L	E	R	O	U	X	Z	T	A	B	C	D	N	E	A	E
F	G	H	I	J	K	A	L	M	N	O	P	Q	R	I	R
S	T	U	V	W	A	X	Y	Z	A	C	L	E	O	T	T
A	B	C	D	K	E	F	G	H	I	J	K	L	M	E	I
N	O	P	O	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z	T	T
A	B	V	C	F	O	R	T	U	I	N	D	E	F	A	I
O	D	N	M	L	K	J	I	H	F	E	D	C	B	E	A
A	Q	R	S	Y	T	U	V	W	N	A	I	L	I	L	X

Die antwoorde

T	A	S	H	A	R	K	Y	J	K	L	F	M	N	O	L
H	B	D	E	F	G	H	I	U	T	S	R	R	Q	P	U
O	B	O	S	M	A	N	V	W	X	Y	A	Z	A	B	K
M	O	N	M	L	K	J	I	H	G	F	N	E	D	C	A
A	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z	C	A	B	C	S
S	T	E	Y	N	H	G	L	A	R	A	O	F	E	D	O
I	J	K	L	M	N	O	P	Q	R	S	I	T	U	V	I
H	A	N	N	E	S	A	B	C	D	E	S	F	G	W	S
Q	O	B	A	H	T	N	M	L	K	J	I	J	H	X	Y
R	T	U	V	W	X	Y	Z	A	S	I	U	O	L	Z	N
S	X	E	L	A	A	B	C	E	K	L	M	H	N	T	E
M	A	L	A	N	D	E	W	E	T	V	W	A	X	Y	F
L	E	R	O	U	X	Z	T	A	B	C	D	N	E	A	E
F	G	H	I	J	K	A	L	M	N	O	P	Q	R	I	R
S	T	U	V	W	A	X	Y	Z	A	C	L	E	O	T	T
A	B	C	D	K	E	F	G	H	I	J	K	L	M	E	I
N	O	P	O	Q	R	S	T	U	V	W	X	Y	Z	T	T
A	B	V	C	F	O	R	T	U	I	N	D	E	F	A	I
O	D	N	M	L	K	J	I	H	F	E	D	C	B	E	A
A	Q	R	S	Y	T	U	V	W	N	A	I	L	I	L	X

II. BLOKRAAI

Beantwoord die volgende vrae en gebruik die eenwoordantwoorde om die blokraai te voltooi.



Dwars

1. Dié kos is by die skuiling uitgedeel tydens die partytjie wat Alex en Lilian gereël het.
2. Iets waarvan daar baie in 'n koerant behoort te wees.
3. Thomas-hulle se skoolhoof word die ____-man genoem.
4. 'n Ander woord vir *vriend*.
5. Die skurk se naam.
6. Die dorp waar Thomas-hulle gaan vakansie hou het.
7. 'n Ander woord vir *gediggie*. Alex het een van Opperman opgesê.
8. Sy ouma is 'n sangoma en hy kan 'n motor al goed bestuur.
9. Dié rook, maar hy weet hoe om grafika te ontwerp!
10. Thomas gaan baie ____ put uit die speletjie wat sy maats vir hom gegee het, hy gaan dit dus geniet.
11. Hannes en Thomas het besluit om 'n kamer te ____.
12. As die skip sink, moet almal gou in só een klim.

Af

1. Thomas se vriend wat vreeslik slim is en baie goed is met rekenaars.
13. Watter skip het by Kleinkrans gestrand in 1909?
14. Thomas het hierop afgekom toe hy deur die deurtjie in die vloer geklim het.
15. 'n Kort teksboodskap wat per selfoon gestuur kan word.
16. Van watter land kom die man aan wie die huis in Kleinkrans behoort?
17. Hannes sê dié skip het naby Hermanus gesink en Alex sê Opperman het 'n gedig hieroor geskryf.
18. Volgens Thomas moet die bloekomblaarmis reeds ___ wees voor die ma dit vir die klein koalabeertjie kan gee.
19. In watter land het Alex vroeër in die jaar saam met haar ouers vakansie gehou?
20. Die skurk ry met só 'n motor.
21. Watter kleur is Bianca se hare?
22. Thomas is in dié graad.

Die antwoorde

1h	a	m	13b	u	r	14g	e	r	15s		16d	
a			i			r			m		u	
2n	u	u	s			3o	r	o	s		i	
n			4m	a	a	t					t	
e			a						17b		s	
5s	18h	a	r	k	y			i			l	
	a		c					r			a	
	l		6k	l	19e	i	n	k	r	a	n	s
	f				g			e			d	
	7v	e	r	s	i	e		n				
	e				p			8t	h	a	b	20o
	9r	o	21b		t			e			p	
	t		l		e			a			e	
10g	e	n	o	t				11d	e	e	l	
	e		n					22a				
	12r	e	d	d	i	n	g	s	b	o	o	t